

Die Spreuke van Salomo

Inleiding

Die naam Spreuke is 'n verkorte weergawe van die eerste woorde in die boek, “Die spreuke van Salomo, seun van Dawid, die koning van Israel.” In die Hebreuse kanon, soos ook in ander gevalle, dien die eerste woord as naam van die boek, naamlik *Misjlee*. Dit beteken ‘die spreuke van’.

In die Hebreuse kanon, wat uit die drie dele, nl Wet, Profete en Geskrifte bestaan, is *Spreuke* deel van die Geskrifte. In die Afrikaanse Bybel is die boeke, in aansluiting by die Septuagint, ingedeel volgens die patroon: historiese boeke, poëtiese boeke en profetiese boeke. *Spreuke* is deel van die poëtiese boeke, wat bestaan uit *Job* tot *Hooglied*.

Die Joodse oorlewering beskou Salomo as die outeur van die hele boek *Spreuke*. Uit die boek self is dit egter duidelik dat verskillende versamelings daarin opgeneem is wat uit verskillende tye dateer, en dat die boek in sy huidige vorm oor 'n lang tydperk ontstaan het. Die oudste versameling is waarskynlik die tweede groep, wat aan Salomo toegeskryf word (Spr 25 — 29), en wat volgens 25:1 in die tyd van koning Hiskia (2 Kon 18:1 — 22:21) byeengebring is. Die tweede deel daarvan (Spr 28 — 29) sou in die tyd van Hiskia se seun Manasse (2 Kon 20:21 — 21:18) 'n protesstem wees teen sy magsmisbruik. Die groep spreuke in hoofstuk 22:17 — 24:34 vorm ook 'n eenheid, wat vermoedelik teruggevoer kan word na die tyd van koning Josia (2 Kon 22:1 — 23:30). Daarvan kom 22:17 — 23:11 ooreen met 'n versameling

spreuke uit Egipte, wat aan Amenémope, 'n Egiptiese wysheidsleraar, toegeskryf word. Die eerste versameling spreuke wat aan Salomo toegeskryf word (Spr 10:1 — 22:16), dateer waarskynlik uit die tyd voor die Babiloniese ballingskap. Hoofstukke 1 — 9 en 30 — 31 het, as deel van die redaksionele inkleding van die boek, in die tyd ná die ballingskap beslag gekry.

Die eerste lesers van die volledige boek *Spreuke* sou Judeërs in die tyd ná die ballingskap wees. Dit sou persone uit die wysheidskringe wees wat meegewerk het aan die byeenbring van Israel en Juda se eeuelange erfenis van wysheidsliteratuur.

Soos die naam aandui, bestaan die boek hoofsaaklik uit spreuke, waaronder dan kort en langer wysheidsgesegdes, vergelykings, metafore, beeldspraak en parallelle rympare verstaan moet word. Met die uitsondering van enkele reëls, is die werk ritmies ingeklee, en vorm dit so deel van die Ou-Testamentiese poësie. Dit getuig van besondere outeursvernuf. Die boek sluit af met 'n akrostiese gedig, waarin elke vers of klein eenheid begin met 'n opeenvolgende letter van die Hebreuse alfabet (Spr 31:10-31).

Die doel van die boek *Spreuke* (1:2) is om die leser met wysheid en insig toe te rus, sodat 'n sinvolle lewe gelei kan word. Wysheid is lewensvaardigheid wat nodig is vir werklike lewe, 'n lewe in ooreenstemming met God se wil, en waarin respek vir die medemens 'n sentrale plek inneem. Hiervan is die vrou in Spreuke 31:10-31 'n sprekende voorbeeld. Om vir die HERE ontsag te hê en te doen wat Hom behaag, is die kern van 'n sinvolle en geseënde lewe. Onregverdige optrede, veral teenoor armes en verdruktes, is dwaasheid en lei tot die dood.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1 — 9 Voorrede: wysheid en lewe

10:1 — 22:16 Eerste versameling spreuke van Salomo

22:17 — 24:34 Woorde van wyses

25 — 29 Tweede versameling spreuke van Salomo

30 — 31 Narede; wysheid en lewe.

1

Inleiding

¹ *Die Spreuke van Salomo, seun van Dawid, die koning van Israel:

² Om vertrouwd te raak met wysheid^a

en vermaning,

om woorde van insig te verstaan;

³ om vermaning wat begrip kweek,

te ontvang,

begrip vir wat regverdig en billik

en reg is;

⁴ * om onervarenes vernuf

aan te leer,

jongmense kennis

en goeie oordeel —

⁵ * 'n wyse sal luister

en geleerdheid vermeerder,

* **1:1** 1 Kon 4:32; Spr 10:1; 25:1; Pred 12:9

^a **1:2 wysheid:** Word ook vertaal as “lewensvaardigheid”. Dit is die vermoë om 'n sinvolle lewe te lei.

* **1:4** Spr 7:7; 8:5

* **1:5** Spr 9:9; 16:21

en 'n verstandige sal leierskap verwerf —
⁶ om 'n spreuk en 'n gesegde te begryp,
die woorde van wyses en hulle raaisels.

⁷ *Ontsag vir die HERE
is die begin van kennis;*
wysheid en vermaning —
net sotte verag dit.

Waarskuwing teen verkeerde keuses

⁸ *My seun, luister na die vermaning
van jou vader,
en moenie die onderrig van jou moeder
verontagsaam nie;

⁹ want dit is 'n bekoorlike krans
vir jou kop,
en halssnoere vir jou nek.

¹⁰ My seun, as sondaars jou wil verlei,
moenie instem nie.

¹¹ As hulle sê: “Gaan saam met ons;
laat ons 'n hinderlaag opstel
vir bloedvergieting;
laat ons 'n onskuldige voorlê
sonder rede;

¹² *laat ons, soos die doderyk,
hulle lewend verslind,

*1:7 Ps 111:10; Spr 9:10; Sir 1:14

*1:7 Ontsag ... kennis: Job 28:28; Spr 9:10

*1:8 Spr 6:20; 23:22

*1:12 Ps 28:1; 124:3

volledig, soos dié wat afdaal
in die put.^b

¹³ Allerlei kosbare besittings
sal ons vind;
ons sal ons huise vol maak met buit.

¹⁴ Deel jou lot met ons;
ons sal almal net een beursie hê.”

¹⁵ My seun, moenie saam met hulle
op die pad gaan nie,
hou jou voet terug van hulle paaie;^c

¹⁶ * want na die kwaad
hardloop hulle voete;
hulle is haastig om bloed te vergiet.

¹⁷ Ja, tevergeefs word 'n net uitgesprei,
waar elke voël met vlerke dit sien;

¹⁸ * maar hierdie manne
stel 'n hinderlaag op
vir hulle eie bloedvergieting;
hulle stel 'n lokval vir hulleself!

¹⁹ So verloop die lewenspad van elkeen
wat onregverdige wins maak —
dit kos die een wat dit verkry, sy lewe.

^b**1:12 put:** •Doderyk.

^c**1:15 paaie:** Verskeie Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg.
Die •bronteks lui “pad”.

* **1:16** Spr 6:17-18; Jes 59:7; Rom 3:15

* **1:18** Spr 1:11

Oproep van die Wysheid

²⁰ *Wysheid^d roep opgewonde op straat,
op die stadspleine laat sy haar stem hoor.

²¹ Aan die bopunt van 'n rumoerige straat
roep sy uit,

by die ingange na die stadspoorte
klink haar woorde op:

²² “*Hoe lank nog gaan julle,
onervarenes, onkunde liefhê,
gaan spotters 'n geklets waardevol ag,
en gaan dwase kennis haat?

²³ Julle moet reageer op my teregwysing.
Kyk, ek sal my gees vir julle
laat uitstroom,*

ek sal my woorde aan julle bekend maak.

²⁴ *Omdat ek geroep,
maar julle geweier het,
ek my hand uitgesteek,
maar julle geen aandag gegee het nie,

²⁵ julle al my raad in die wind geslaan het,
my teregwysings nie aanvaar het nie,

²⁶ *sal ek op my beurt lag

***1:20** Spr 8:1-3; Sir 24:1-2

^d**1:20 Wysheid:** Die bronteks gebruik die meervoudsvorm en personifieer wysheid as 'n vrou.

***1:22** Job 21:14; Spr 1:29; 5:12

***1:23 my gees ... uitstroom:** Jes 32:15; Joël 2:28; Joh 7:39

***1:24-25** Jes 65:12; 66:4; Jer 7:13; Sag 7:11

***1:26** Ps 2:4

oor julle teenspoed,
die spot dryf
wanneer julle verskrikking kom,
²⁷ wanneer julle verskrikking kom
soos 'n stormwind,
en julle teenspoed losbreek soos 'n orkaan,
wanneer benoudheid en angs julle oorval.

²⁸ “*Dan sal hulle na my roep,
maar ek sal nie antwoord nie;
hulle sal my soek,
maar my nie vind nie.

²⁹ *Aangesien hulle kennis gehaat het,
ontsag vir die HERE nie gekies het nie,

³⁰ my raad nie aanvaar het nie,
al my tereg wysings versmaai het,

³¹ *sal hulle die vrug van hulle optrede
moet eet,

sal hulle genoeg kry van hulle eie planne.

³² Ja, die ongeërgdheid van onervarenes

kos hulle dood;
die selfversekerdheid van dwase
vernietig hulle.

³³ *Maar wie na my luister,
sal veilig woon;

* **1:28** 1 Sam 8:18; Job 27:9; Jes 1:15; Jer 11:11; Eseg 8:18; Jak 4:3

* **1:29-30** Spr 5:12; 15:5; Jer 6:19

* **1:31-32** Spr 5:22; 8:36; Jer 2:19

* **1:33** Ps 25:12-13; Spr 3:24-26

hulle sal rustig wees,
sonder die verskrikking van onheil.”

2

Voordele van wysheid

¹ *My seun, as jy my woorde aanvaar,
my opdragte veilig by jou hou
² *deur aandagtig te luister na wysheid,
jou hart te rig op verstandigheid,
³ **ja, as jy om insig roep,
hardop roep om verstandigheid,
⁴ * as jy dit nastreef soos silwer
dit soos 'n verborge skat naspeur,
⁵ * dan sal jy insig hê
in ontsag vir die HERE,
en kennis van God sal jy vind.
⁶ *Ja, net die HERE gee wysheid,
uit sy mond kom kennis
en verstandigheid.
⁷ *Vir die opregtes
hou Hy vindingrykheid in bewaring,

*2:1 Spr 4:10,21

*2:2 Spr 22:17; 5:1; 23:12

*2:3-6 Spr 3:16; 16:16; Kol 2:3; Jak 1:5

*2:3 Spr 4:5,7

*2:4 Matt 13:44

*2:5 Spr 1:7; Jes 33:6

*2:6 1 Kon 3:12; Job 32:8; Wys 7:25; Sir 1:1

*2:7 Ps 3:4; 84:12; Spr 30:5

as 'n skild vir hulle wat onberispelik leef,

⁸ *deurdat Hy die paaie van die reg

bewaak;

die pad van sy getroue volgelinge

beskerm Hy.

⁹ *Dan sal jy verstaan wat regverdig,

billik en reg is — elke goeie pad.

¹⁰ *Want wysheid sal in jou hart inkom,

en kennis sal vir jou aangenaam wees.

¹¹ *Goeie oordeel sal oor jou wag hou,

verstandigheid sal jou bewaak

¹² om jou te red van die pad van onheil,

van iemand wat perverse uitsprake

maak,

¹³ van hulle wat reguit paaie verlaat

om op donker weë te gaan,

¹⁴ van hulle wat vreugde vind

in die doen van kwaad,

wat juig oor die perversheid

van kwaad,

¹⁵ hulle wie se paaie verdraai is,

en wat die spoor byster is

op hulle roetes,

¹⁶ *en om jou te red van 'n vreemde vrou,

***2:8** 1 Sam 2:9; Ps 18:26; 97:10

***2:9** Spr 1:3; 21:3

***2:10** Spr 14:33

***2:11-15** Spr 4:19; 6:12,14; 16:17; Joh 3:19-20

***2:16-19** Spr 5:3-5; 6:24,32; 7:5-27; 9:13-18

van die vervreemde met haar vleitaal,

¹⁷ wat die boesemvriend

van haar jeug verlaat,

die verbond van haar God vergeet.

¹⁸ Ja, na die dood sak haar huis af,

na die skimme haar spore.

¹⁹ Almal wat na haar gaan —

hulle keer nie terug nie,

hulle bereik nie weer die paaie

van die lewe nie.

²⁰ *Dus, jy moet die pad

van goeie mense loop,

en die weë van regverdiges — hou daarby.

²¹ *Want opregtes sal die land bewoon,

en wie onberispelik is, sal daarin agterbly.

²² *Maar die goddelose mense

sal uit die land uitgeroei word,

en wie verraderlik optree,

sal daaruit weggeruk word.

3

Ontsag vir die HERE

¹ *My seun, my onderrig

moet jy nie vergeet nie,

*2:20 Spr 4:11,18; 8:20; Heb 6:12

*2:21 Ps 37:9,11,29; Matt 5:5

*2:22 Deut 28:63; 29:28; Ps 37:10; Spr 10:30

*3:1-2 Deut 30:16; Spr 3:16; 4:10

en my gebooië —

jou hart moet daarby bly;

² want die lengte van jou leeftyd,
die lewensjare en vrede
sal dan vir jou vermeerder word.

³ *Troue liefde en waarheid
moet jou nooit verlaat nie.

Bind dit om jou nek,
skryf dit op die tafel van jou hart,*

⁴ * dan sal jy guns
en goeie begrip vind
in die oë van God en die mense.

⁵ Vertrou op die HERE met jou hele hart* —
op jou eie insig
moet jy nie staatmaak nie.*

⁶ *Ken Hom in al jou weë,
en Hy sal jou paaie reguit maak.

⁷ *Moenie wys wees in jou eie oë nie.
Jy moet ontsag hê vir die HERE,
bly weg van die kwaad.

***3:3** Ps 85:11; Spr 6:21; 7:3

***3:3 skryf ... hart:** 2 Kor 3:3

***3:4** Luk 2:52; Rom 14:18

***3:5 Vertrou ... hart:** Ps 37:3,5

***3:5 op jou ... staatmaak nie:** Jer 9:23-24

***3:6** 1 Kron 28:9; Ps 25:4; Spr 16:3; Fil 4:6

***3:7** Job 28:28; Spr 26:12; Rom 12:16

⁸ * Genesing sal dit bring vir jou liggaam^e
en verkwikking vir jou gebeente.

⁹ * Eer die HERE met jou rykdom,
met die beste deel van jou volle oes;

¹⁰ * dan sal jou graanskure oorvol wees,
en van nuwe wyn
sal jou parskuipe oorloop.

¹¹ * Die vermaning van die HERE, my seun,
moet dit nie verwerp nie,
en moenie 'n afkeer hê
van sy teregwysing nie.

¹² Want die een vir wie die HERE lief is,
wys Hy tereg,
soos 'n pa die seun vir wie hy omgee.

¹³ * Hoe gelukkig is 'n mens
wat wysheid vind,
en 'n mens wat verstandigheid verkry!

¹⁴ * Ja, die wins wat wysheid lewer,^f
is meer as dié van silwer,

* **3:8** Spr 12:18; 16:24

^e**3:8 liggaam:** Letterlik 'naeltjie' — 'n stylfiguur waarin 'n deel van die liggaam vir die geheel staan.

* **3:9** Eks 23:16,19; Lev 23:10; Mal 3:10

* **3:10** Deut 28:8; Joël 2:24

* **3:11-12** Deut 8:5; Job 5:17-18; Spr 13:24; Heb 12:5-6; Op 3:19

* **3:13** Spr 8:32,34; Spr 19:8; Sir 25:10

* **3:14-15** Spr 8:10-11,18-19; 16:16; 20:15; Job 28:15-19

^f**3:14 die wins ... lewer:** Letterlik 'haar wins'. Wysheid word voorgestel as 'n vrou.

meer as dié van goud is haar opbrengs.

¹⁵ Sy is kosbaarder as koraal;

niks wat jy begeer,

kan met haar vergelyk word nie.

¹⁶ *'n Lang lewe is in haar regterhand,

en in haar linkerhand, rykdom en eer.

¹⁷ Haar weë is aangename weë,

en al haar paaie is vrede.

¹⁸ *'n Boom van lewe is sy

vir hulle wat haar aangryp,

en hulle wat haar vashou,

word elkeen gelukkig genoem.

¹⁹ *Die HERE self het die aarde gegrondves

met wysheid,

die hemel gevestig met verstand.

²⁰ *Deur sy kennis is die oerwaters gekloof[§]

en drup die wolke dou.

²¹ *My seun, vindingrykheid

en goeie oordeel —

laat dit nie aan jou oë ontglip nie;

hou daarby.

²² Dit sal lewe wees vir jou wese,

***3:16** 1 Kon 3:13-14; Spr 8:18; 21:21

***3:18** Gen 2:9; Spr 11:30; 13:14; 15:24

***3:19** Ps 104:24; Spr 8:22-31

***3:20** Job 36:27-28

[§]**3:20 oerwaters gekloof:** Dit verwys vermoedelik na die skeiding van water tydens die skepping; vgl Gen 1:7.

***3:21-22** Spr 1:8-9; 4:21-22

'n sieraad vir jou nek.

²³ *Dan sal jy veilig loop op jou pad;
jou voet sal jy nie stamp nie.

²⁴ *As jy gaan lê,
sal jy nie verskrik wees nie,
as jy lê,
sal jou slaap soet wees.

²⁵ *Jy hoef nie bang te wees
vir 'n onverwagte verskrikking,
of vir die teenspoed van goddeloses
wanneer dit kom nie.

²⁶ Want die HERE sal aan jou sy wees,^h
en Hy sal keer dat jou voet in 'n strik trap.ⁱ

Wyse optrede

²⁷ *Moenie iets goeds weerhou
van wie dit verdien,
terwyl dit in jou mag is om op te tree nie.

²⁸ *Moenie vir jou medemens sê,
“Gaan en kom later weer —
môre sal ek dit gee!”
terwyl jy dit by jou het nie.

***3:23** Ps 91:12; Spr 4:12

***3:24** Ps 4:9; 91:5; Spr 6:22

***3:25-26** 1 Sam 2:9; Job 5:19,21; Ps 121:2-3; 1 Pet 3:14

^h**3:26 sal aan ... wees:** Word ook vertaal as “sal jou vertrouwe wees”.

ⁱ**3:26 keer ... trap:** Letterlik ‘jou voet bewaar van gevang word’.

***3:27** Sir 4:4; Gal 6:10

***3:28** Lev 19:13; Deut 24:15; Sir 4:3

²⁹ *Moenie teen jou medemens
kwaad smee,
terwyl hy in goeie trou by jou woon nie.

³⁰ *Moenie onnodig 'n saak
teen iemand begin,^j
as hy jou geen kwaad aangedoen het nie.

³¹ *Moenie iemand wat geweld gebruik,
beny nie,
en moenie enige van sy paaie kies nie;

³² * want vir die HERE is iemand
wat die spoor byster raak, afstootlik —
maar opregtes geniet sy vertrou.

³³ *Die HERE se vervloeking rus
op die huis van goddeloses,
maar die tuiste van regverdiges seën Hy.

³⁴ *Met spotters spot Hy self,
maar aan magteloses skenk Hy genade.

³⁵ Eer is wat wyses verwerf,*
maar dwase — dié verhoog Hy tot skande.

***3:29** Spr 6:14; 14:22

***3:30** Spr 24:28; Rom 12:18

^j**3:30 saak ... begin:** Dit verwys na die eerste stap in 'n hofsaak, wanneer die klaer sy saak voor getuies stel.

***3:31** Ps 37:1; Spr 24:1

***3:32** Job 29:4; Ps 25:14; Spr 11:20

***3:33** 1 Sam 2:9; Ps 37:22; Spr 2:21-22; Mal 2:2

***3:34** Ps 138:6; Spr 1:26; Jak 4:6; 1 Pet 5:5

***3:35 Eer ... verwerf:** Spr 3:16; Dan 12:3; Sir 37:26

Wysheid as beskerming

¹ *Seuns, luister na die vermaning
van 'n vader,
en slaan ag daarop om insig te leer ken.

² Want dit is goeie onderrig
wat ek julle gee;
my onderwysing —
moet dit nie verontagsaam nie.

³ Toe ek 'n seun was by my vader,
onervare, en die enigste voor my moeder,

⁴ *het hy my geleer en vir my gesê:
“Jou hart moet my woorde vashou.
Kom my gebooie na, dan sal jy leef.

⁵ *Verwerf wysheid, verwerf insig,
vergeet dit nie;
wyk nie af van die woorde
uit my mond nie.

⁶ *Moet haar, die wysheid,^k
nie verontagsaam nie;
dan sal sy jou beskerm.
Wees lief vir haar,

* 4:1-3 1 Kron 22:5; Job 8:10; Ps 34:12; Spr 1:8; 13:1; 19:20

* 4:4 Lev 18:5; Deut 6:1-6; 1 Kron 28:9; Spr 3:1-2; 6:20-23

* 4:5 Spr 2:2-3; 23:23

* 4:6 Spr 1:33; 2:10-12

^k4:6 die wysheid: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

dan sal sy jou bewaak.

⁷ *Die begin van wysheid is:

Verwerf wysheid,
verwerf insig met alles wat jy besit!

⁸ *Stel haar hoog op prys,
dan sal sy jou verhoog;
sy sal aan jou eer gee as jy haar omarm.

⁹ Sy sal op jou kop 'n sierlike krans sit,
'n pragtige diadeem¹ aan jou skenk.

¹⁰ “*Luister, my seun,
en aanvaar my woorde
sodat jou lewensjare baie kan wees.

¹¹ *Op die pad van wysheid
sal ek jou begelei,
ek sal jou laat loop
op reguit paaie.

¹² Wanneer jy loop, sal jou voetstappe
nie belemmer word nie;
en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.

¹³ *Hou vas aan vermaning,
moet dit nie laat vaar nie;
hou daarby, want dit is jou lewe.

* 4:7 Spr 1:7; 2:4; 16:16

* 4:8-9 Spr 1:9; 3:22

¹4:9 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband.

* 4:10 Spr 3:2

* 4:11-12 2 Sam 22:37; Ps 18:37; Spr 2:20; 3:23

* 4:13 Spr 3:18; 6:23; 10:17

¹⁴ *Op die pad van goddeloses
moet jy nie kom nie;
en moenie die weg van slegte mense
betree nie.

¹⁵ Vermy dit,
moet dit nie eers oorsteek nie,
draai weg daarvan
en gaan verby.

¹⁶ *Want hulle kan nie slaap nie,
behalwe as hulle kwaad doen;
hulle slaap bly weg,
tensy hulle iemand tot 'n val bring.

¹⁷ Ja, hulle eet brood van goddeloosheid,
en wyn van geweld drink hulle.

¹⁸ *Die pad van regverdiges
is soos die helder oggendlig —
dit verhelder geleidelik tot die volle dag.

¹⁹ *Die weg van goddeloses
is soos die donker —
hulle weet nie waaroor hulle struikel nie.

²⁰ “*My seun, slaan ag op my uitsprake;
spits jou ore vir my woorde.

²¹ Laat hulle nie aan jou oë ontglip nie;

* 4:14-15 Ps 1:1; Spr 1:15; 5:8; 23:19

* 4:16-17 Ps 36:5; Spr 1:10; Miga 2:1

* 4:18 2 Sam 23:4; Dan 12:3; Matt 5:14; Fil 2:15

* 4:19 Spr 2:13; Jes 59:9-10; Jer 23:12; Matt 6:23; Joh 12:35

* 4:20-21 Deut 4:9; Ps 34:12; Spr 3:21; 5:1

bewaar hulle diep in jou hart.

²² *Want dit is die lewe
vir hulle wat dit vind;
vir die hele liggaam bring dit genesing.

²³ *Bewaak jou hart meer as enigiets
wat bewaar word,
want daaruit ontspring die lewe.

²⁴ *Bly weg van 'n mond
wat valsheid verkondig,
en slinkse lippe,
hou dit ver van jou.

²⁵ * Jou oë moet vorentoe kyk,
jou blik^m moet reg voor jou gerig wees.

²⁶ * Hou die pad vir jou voet gelyk;
en al jou weë, laat dit bestendig wees.

²⁷ Moenie regs of links afdraai nie,
hou jou voet weg van die kwaad.”

5

Waarskuwing teen 'n slegte vrou

¹ ** My seun, op my wysheid

* **4:22** Spr 3:8; 8:35; 21:21

* **4:23** Matt 12:34-35; Mark 7:18-23

* **4:24** Ps 34:14; Spr 6:12; 10:32; 1 Pet 3:10

* **4:25** Job 31:1; Heb 12:2

^m**4:25 blik:** Letterlik ‘ooglede’.

* **4:26-27** Spr 21:21,29; 23:19; Heb 12:12-13; 2 Pet 2:15

* **5:1-23** Spr 6:20-35; 7:1-27

* **5:1-2** Spr 1:8; 2:1-2; 4:20; 16:23; Mal 2:7

moet jy ag slaan,
vir my verstandigheid
moet jy jou ore spits,
² om sodoende goeie oordeel
te kan bewaar,
en op kennis,
dat jou lippe daarby hou.
³ *Want die lippe van 'n vreemde vrou
drup van heuning,
en gladder as olyfolie is haar mond.ⁿ
⁴ *Maar uiteindelik is sy
so bitter soos wildeals,
so skerp soos 'n tweesnydende swaard.
⁵ Haar voete gaan af na die dood,
op die •doderyk stuur haar voetstappe af.
⁶ Die pad van die lewe —
sy hou dit nie in die oog nie.
Haar paaie is onbestendig,
maar sy besef dit nie.
⁷ Daarom, seuns, luister na my,
en moenie afwyk
van die woorde uit my mond nie.
⁸ *Hou jou pad ver van haar af!
Moenie eers naby haar huis se deur
kom nie;

* 5:3 Spr 2:16; 22:1; Sir 26:9-12

ⁿ 5:3 haar mond: Letterlik 'haar verhemelte'.

* 5:4-6 Spr 2:18; 9:18; Pred 7:26; 1 Kor 6:18

* 5:8 Spr 4:14-15; 9:14

⁹ anders gee jy jou bloeityd aan andere,
jou beste jare aan 'n hartelose;

¹⁰ anders eet vreemdes hulle versadig
aan jou vermoë,

en beland dit wat jy met inspanning
verdien het,
in die huis van 'n vreemde.

¹¹ Uiteindelik sal jy kreun,
wanneer jou vlees en jou liggaam
daarmee heen is.

¹² * Jy sal sê: “Hoe het ek
vermaning gehaat,
hoe het my hart
teregwysing versmaai!

¹³ Ek het nie geluister na die stem
van my leermeesters nie,
na hulle wat my onderrig het,
my oor nie gedraai nie.

¹⁴ * So byna was ek uitgelewer
aan elke onheil,
midde-in die byeenkoms
van die volksvergadering.^o”

*5:12-13 Ps 107:11; Spr 1:7-8,25; 12:1

*5:14 Lev 20:10; Deut 22:22

^o5:14 byeenkoms ... volksvergadering: Letterlik ‘byeenkoms en volksvergadering’. Dit was 'n byeenkoms van volwasse mans met regterlike magte.

¹⁵ *Drink water uit jou eie opgaarput,^p
en lopende water uit jou eie bron.

¹⁶ Moet jou fonteine straataf spoel,
op die dorpspleine watervore word?

¹⁷ Hulle is vir jou alleen bedoel,
nie vir vreemdelinge by jou nie.

¹⁸ *Mag jou waterbron geseënd wees;
verheug jou oor die vrou van jou jeug

¹⁹ — *'n bekoorlike rooitakbokkie,
'n grasieuse klipbokkooitjie.

Haar borste, mag hulle jou altyd bevredig;
mag jy deur haar liefkosings
voortdurend bedwelmd wees.

²⁰ *Waarom sou jy jou laat bedwelm,
my seun, deur 'n vreemde,
die boesem van 'n vreemdeling omhels?

²¹ *Voor die oë van die HERE
is die weë van 'n man immers
oop en bloot,
en al sy paaie hou Hy in die oog.

²² *Die goddelose — sy eie sondeskuld
vang hom,

*5:15 Spr 5:18; 9:17; Hoogl 4:12,15

^p5:15 **opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

*5:18 Pred 9:9; Hoogl 4:12

*5:19 Hoogl 2:7; 4:5

*5:20 Spr 2:16; 5:3; 7:26

*5:21 Job 31:4; Ps 11:4; Spr 15:3; Jer 23:24; Heb 4:13

*5:22-23 Ps 7:15-17; Spr 5:10; Hos 7:2

en in die strikke van sy sonde
word hy vasgeknel.

²³ Hy, hy sterf
weens 'n gebrek aan vermaning,
en deur die omvang van sy sotheid,
verdwaal hy.

6

Waarskuwing teen borgstaan en luiheid

¹ *My seun, as jy vir jou medemens
borg gestaan het,
vir 'n vreemde jou hand gegee het,^q
² as jy in 'n strik getrap het
deur die woorde van jou mond,
vasgevang is
deur die woorde van jou mond,
³ doen dan dit, my seun,
om jouself te bevry,
want jy het in die palm
van jou medemens se hand beland:
Gaan — verneder jouself!^r
Loop reguit op jou medemens af!
⁴ Laat jou oë nie toe om te slaap,

* 6:1-5 Spr 11:15; 17:18; 20:16; 22:6; 27:13

^q6:1 **jou hand ... het:** Letterlik 'jou hande geklap het'. By die sluit van 'n ooreenkoms om as borg op te tree, het die twee partye mekaar se hande geklap of geskud.

^r6:3 **verneder jouself:** Letterlik 'vertrap jouself'. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse werkwoord, en dit word verskillend vertaal.

en jou ooglede om in te sluimer nie.

⁵ Ruk jousef los soos 'n gasel
uit die hand van 'n jagter,^s
soos 'n voël
uit die hand van 'n voëlvanger.

⁶ *Gaan na die mier, luitard,
kyk na sy weë, en word wys.

⁷ Hy wat nie 'n aanvoerder,
opsigter of heerser het nie,

⁸ berei in die somer sy kos voor,
versamel in die oestyd sy voedsel.

⁹ Hoe lank, luitard, gaan jy nog bly lê?
Wanneer gaan jy opstaan uit jou slaap?

¹⁰ *'n Bietjie slaap, 'n bietjie insluimer,
'n bietjie hande vou om te rus;

¹¹ dan kom, soos 'n rondloper,
jou armoede daar aan,
jou gebrek soos 'n skaamtelose man.^t

¹² *'n Deugniet van 'n mens, 'n boosdoener,
is hy wat met 'n mond vol valsheid
rondloop,

^s**6:5 van 'n jagter:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **6:6-11** Job 12:7; Spr 10:4; 20:4; 24:33-34; 30:25; Pred 4:5

* **6:10-11** Spr 24:33-34

^t**6:11 skaamtelose man:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* **6:12-15** Spr 10:10; 16:27; 19:1; 24:22; Jes 30:13-14; Jak 3:6

¹³ wat met sy oë knik,^u
tekens gee met sy voete,
beduie met sy vingers,
¹⁴ met 'n perverse hart
die hele tyd kwaad stig,
en tweedrag saai.

¹⁵ Daarom, onverwags
kom sy teenspoed —
plotseling word hy verpletter,
sonder herstel.

¹⁶ * Daar is ses dinge waarin die HERE
'n weersin het,
sewe is vir Hom afstootlik:
¹⁷ hovaardige oë,
'n bedrieglike tong,
hande wat onskuldige bloed vergiet,
¹⁸ 'n hart wat bose planne smee,
voete wat gou is om na die kwaad
te hardloop,
¹⁹ 'n vals getuie wat leuens uitryg,
en iemand wat tweedrag saai
tussen broers.

²⁰ * My seun, hou by die gebod

^u**6:13 oë knik:** Om met 'n oog te knik, het beteken om iets onderduims te doen.

* **6:16-19** Eks 20:16; Deut 19:10; Spr 1:16; 6:12-15; 12:22; 16:5; 30:13; Jes 59:7;
Sag 8:17; 1 Kor 1:11-13

* **6:20** Spr 1:8; 31:1; Ef 6:1

van jou vader,
en moenie die onderrig
van jou moeder verontagsaam nie.

²¹ *Bind dit voortdurend aan jou hart,
bind dit om jou nek.

²² *Wanneer jy rondgaan,
sal dit jou lei;
wanneer jy slaap,
sal dit oor jou wag hou;
wanneer jy wakker word,
sal dít jou besig hou.

²³ *Want 'n gebod is 'n lamp,
en onderrig is 'n lig.

Die pad na die lewe
is teregwysing deur vermaning,
²⁴ *om jou te beskerm teen 'n slegte vrou,
teen die gladde tong van 'n vreemde vrou.

²⁵ Moenie haar skoonheid
in jou hart begeer nie,
en moenie toelaat
dat sy jou vang met haar wimpers nie.

²⁶ Ja, die prys vir 'n prostituut
is soveel as die prys van 'n rondebrood,
maar iemand anders se vrou —
sy maak jag op 'n kosbare lewe.

* 6:21 Spr 1:9; 3:3,22; 4:21; 7:3

* 6:22 Spr 3:23-24

* 6:23 Ps 19:8; 119:105; 2 Pet 1:19

* 6:24-35 Spr 2:16-19; 5:3-5; 7:5-27; 9:13-18

²⁷ *Kan 'n man vuur in die vou
van sy kleed^v dra,
maar sy klere raak nie aan die brand nie?

²⁸ As 'n man op gloeiende kole loop,
sal sy voete dan nie verskroei nie?

²⁹ So gaan dit met hom wat by die vrou
van sy medemens ingaan.
Niemand wat haar aanraak,
sal ongestraf bly nie.

³⁰ *Verag mense nie 'n dief as hy steel nie,
al is dit om sy eetlus te bevredig
wanneer hy honger is?

³¹ *En word hy uitgevang,
moet hy dit sewevoudig vergoed;
al die besittings in sy huis
moet hy dan oorhandig.

³² Hy wat owerspel pleeg met 'n vrou,
is sonder verstand;
wie sy eie lewe wil verwoes,
hy doen so iets.

³³ *Slae en skande sal hy op die lyf loop,
en sy bespotting sal nie uitgewis word nie.

* **6:27** Job 31:9-12

^v **6:27 vou ... kleed:** Dit verwys na die vou van die klere voor die bors wat as 'n sak kon dien.

* **6:30** Ob vs 5

* **6:31** Eks 22:1-4

* **6:33** Spr 5:9-14

³⁴ *Want jaloesie wek 'n man se woede,
en hy sal genadeloos wees
op die dag van wraak.

³⁵ Hy sal nie geneë wees
tot enige omkoopgeld nie,
ook nie inwillig wanneer die afkoopsom
verhoog word nie.

7

Vermyding van owerspeliges

¹ *My seun, neem my woorde ter harte;
en my opdragte, hou dit veilig by jou.

² Kom my opdragte na, dan sal jy leef;
ja, koester my onderrig
soos die appel van jou oog.

³ *Bind dit aan jou vingers,
skryf dit op die tafel van jou hart.

⁴ Sê vir wysheid: “Jy is my suster!”
En noem insig “bloedfamilie,”

⁵ *sodat dit jou beskerm
teen 'n vreemde vrou,
teen 'n vreemdeling met haar vleitaal.

⁶ Want deur die venster van my huis,
deur my latwerk, het ek afgekyk;

*6:34 Lev 20:10; Spr 27:4; Hoogl 8:6

*7:1-2 Spr 1:8; 2:1; 3:1-2; 4:4

*7:3 Deut 6:8; Spr 3:3; 2 Kor 3:3

*7:5 Spr 2:16; 6:24

⁷ * en ek sien toe daar by die onervarenes,
ja, ek merk toe onder die seuns

'n jong man sonder verstand,

⁸ wat die stegie by haar hoek oorsteek,

wat op pad na haar huis stap

⁹ teen skemeraand,

toe die nag en donker begin toesak.

¹⁰ * Kyk, toe is daar 'n vrou

wat hom tegemoetgaan,

met die drag van 'n prostituut,

en met 'n listige hart.^w

¹¹ Sy is altyd luidrugtig en koppig.

In haar huis is haar voete nie tuis nie;

¹² sy is nou op straat,

dan weer op die dorpspleine,

en op elke straathoek is sy op die loer.

¹³ Sy gryp hom en soen hom;

met 'n onbeskaamde gesig sê sy vir hom:

¹⁴ “* Daar is •maaltydoffers by my;

vandag het ek my geloftes betaal.

¹⁵ Daarom het ek uitgegaan

om jou te ontmoet;

ek was op die uitkyk vir jou,

en ek het jou gekry.

¹⁶ Met dekens het ek my slaapbank

*7:7-27 Spr 2:16-19; 5:3-5; 6:24-35; 9:13-18

*7:10 Gen 38:14-15

^w7:10 listige hart: Letterlik ‘bewaakte van hart’.

*7:14 Lev 7:16

opgemaak,
met geborduurde linne uit Egipte.
¹⁷ Ek het my slaapplek besprinkel
met mirre,^x adelhout^y en kaneel.
¹⁸ Kom, laat ons ons versadig drink
aan die liefdespel tot die môre toe,
laat ons swelg in die liefdesgenot.
¹⁹ Want my man is nie tuis nie;
hy het op reis gegaan, ver weg.
²⁰ Hy het die sak met geld
met hom saamgeneem;
teen die tyd van volmaan
sal hy eers huis toe kom.”

²¹ Sy verlei hom met haar stortvloed
oortuigende woorde,
met haar gladde mond haal sy hom oor.
²² Hy loop dadelik agter haar aan;
soos 'n bees na die slagplek gaan hy in,
met die huppel van 'n rooitakbok
op pad na 'n vangstrik^z

^x7:17 **mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak, wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

^y7:17 **adelhout:** 'n Inheemse boom in Suidoos-Asië en Noord-Indië waarvan die sap as parfuum en vir balsemdoeleindes gebruik is.

^z7:22 **met ... vangstrik:** Die •Peshitta word hier gedeeltelik gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit kan vertaal word as “soos 'n enkelring met die oog op die vermaning van 'n sot”. Die •Septuagint lui “soos 'n hond aan bande”.

²³ — totdat 'n pyl sy lewer deurboor —
soos 'n voël hom haas na 'n net;
maar hy weet nie dit gaan sy lewe kos nie.

²⁴ Daarom, seuns, luister na my,
en slaan ag op die woorde uit my mond.

²⁵ Laat jou hart nie afdraai
na haar weë nie;
moenie op haar paaie ronddwaal nie.

²⁶ Ja, baie gesneuweldes het sy laat val,
en talryk is al haar slagoffers.

²⁷ Paaie na die •doderyk is haar huis;
hulle lei af na die binnekamers
van die dood.

8

Lofprysing van die wysheid

¹ *Is dit nie wysheid wat uitroep,
en verstandigheid wat haar stem
laat opklink nie?

² Op die top van die hoogtes langs die pad,
waar die hoofpaaie bymekaarkom,
het sy stelling ingeneem.

³ Langs die poorte,
by die ingang na die stad,
by die toegang tot die poortdeure,
roep sy opgewonde uit:

* 8:1-3 Spr 1:20-21; 9:3; Sir 24:1; 1 Kor 1:24

⁴ “Na julle, manne, roep ek;
my stem is gerig tot mensekinders.

⁵ *Kry tog insig in vernuf, onervarenes;
onnoseles, bring die hart tot insig!

⁶ *Luister, want oor gepaste dinge praat ek —
en oor my lippe kom wat reg is.

⁷ Want die waarheid,
dit verkondig my mond,^{aa}
en afstootlik vir my lippe
is goddeloosheid.

⁸ Wat reg is,
kenmerk al die woorde uit my mond,
niks daarin is geslepe of verdraai nie;

⁹ *dit is alles duidelik vir wie insig toon,
en gepas vir hulle wat kennis verwerf.

¹⁰ *Aanvaar my vermaning,
en nie silwer nie,
aanvaar kennis eerder as goud.”

¹¹ Ja, wysheid is beter as koraal,
en niks wat begeerlik is,
kan met haar vergelyk word nie.

¹² “*Ek, wysheid, ek woon by vernuf;

* 8:5 Spr 1:4,22

* 8:6-7 Ps 37:30; Spr 4:2

^{aa}8:7 **mond:** Letterlik ‘verhemelte’.

* 8:9 Spr 3:13; 14:6

* 8:10-11 Job 28:15-19; Ps 19:10; Spr 3:4-15; 8:19; 16:16; 20:15

* 8:12 Spr 1:4; 8:5

die kennis van goeie oordeel verkry ek.

¹³ *Onsag vir die HERE

is om die kwaad te haat;
verwaandheid, hoogmoed,
'n verkeerde pad en 'n perverse gepraat
haat ek.

¹⁴ *Ek beskik oor raad en vindingrykheid;
ek, insig, beskik oor krag.

¹⁵ *Deur my regeer konings,
en hooggeplaastes vaardig
regverdige dekrete uit.

¹⁶ Deur my voer aanvoerders bevel,
ook vooraanstaandes —
almal wat regverdige beslissings neem.

¹⁷ *Wie my liefhet, het ek self ook lief,
en wie my soek, sal my vind.

¹⁸ *Welvaart en eer is by my,
bestendige rykdom en geregtigheid.

¹⁹ *My vrugte is beter as goud, as fyngoud,
my opbrengs beter as uitgesoekte silwer.

²⁰ *Op die pad van geregtigheid loop ek
— presies op die paaie van regverdigheid —

*8:13 1 Sam 2:3; Job 28:28; Ps 97:10; Spr 6:17; 16:5-6

*8:14 Job 9:4; Spr 21:22; Pred 7:19

*8:15-16 2 Kron 1:10; Spr 29:4; Dan 2:21; Wys 6:20-21; Rom 13:1; Op 19:6

*8:17 1 Sam 2:30; Joh 14:21,23; Jak 1:5

*8:18 Ps 112:3; Spr 3:16; Wys 18:5

*8:19 Spr 8:10-11

*8:20 Spr 2:20

²¹ * om hulle wat my liefhet,
besittings te laat erf.
Hulle voorraadkamers maak ek vol.

²² * “Die HERE, Hy het my geskep
as die eerste van sy werke,^{bb}
voor sy dade van lank gelede.

²³ In die verre verlede is ek gevorm,
aan die begin, voor die aarde.

²⁴ Daar was nog nie oerwaters nie,
toe is ek voortgebring;
daar was nog nie fonteine
ryk aan water nie.

²⁵ * Voordat berge ingeplant is,
voor heuwels daar was, is ek voortgebring,
²⁶ toe Hy nog nie grond en oop weivelde
gemaak het nie —
die eerste grondsoorte van die vasteland.

²⁷ * Toe Hy die hemele gevestig het,
was ek daar.

Toe Hy die horison afgemerkt het
oor die oppervlak van die watermassa;
²⁸ toe Hy die wolkehemel daarbo gevestig,

* **8:21** Spr 3:16; 8:18; 21:20

* **8:22-23** Wys 9:9; Sir 1:4-9; 24:9

^{bb} **8:22 sy werke:** Letterlik ‘sy pad’.

* **8:25** Ps 90:2

* **8:27-30** Job 28:20-27; Spr 3:19-20; Jer 10:12; 51:15; Wys 7:22; 9:9; Joh 1:1-3

die fonteine van die oerwater

sterk gemaak het;^{cc}

²⁹ toe Hy vir die see sy grens vasgestel het,
dat die water nie sy bevel sou oortree nie;
toe hy die fundamente van die aarde
afgesteek het,

³⁰ was ek 'n lieflingskind^{dd} aan sy sy —
ek was dag ná dag sy vreugde,
terwyl ek die hele tyd voor Hom speel.

³¹ Terwyl ek op die bewoonbare deel
van sy aarde speel,
het ek vreugde gevind
in die mensekinders.

³² “Daarom, seuns, luister na my!
Gelukkig is hulle wat op my paaie bly.

³³ Luister na my vermaning en word wys;
moet dit nie in die wind slaan nie.

³⁴ Gelukkig is die mens wat na my luister,
deur dag ná dag by my deure te waak,
by die kosyne van my ingange wag te hou.

^{cc}**8:28 fonteine ... het:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “dit was sterk”. Volgens die antieke wêreldbeeld was die ondergrondse water wat in fonteine uitborrel, deel van die oerwater; vgl Gen 7:11.

^{dd}**8:30 lieflingskind:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat lui “kunstenaar”. Dit word ook vertaal as “vakman” of “vertroueling”.

***8:32-34** 1 Kon 10:8; Ps 34:2; 119:1-2; Spr 1:2-5; 3:13,18; 4:1; Sir 14:20-27; Luk 11:28

³⁵ * Ja, wie my vind, het die lewe gevind;
hy geniet die goedkeuring van die HERE.

³⁶ Maar wie my ontbeer,
doen sy lewe geweld aan;
almal wat my haat,
het die dood lief.”

9

Uitnodiging deur Wysheid

¹ *Wysheid het haar huis gebou,
sy het haar sewe pilare uitgekap.

² Sy het haar slaggoed geslag,
haar wyn gemeng,
en ook haar tafel voorberei.

³ Sy het haar diensmeisies gestuur;
sy roep uit vanaf die hoogste plekke
in die stad:

⁴ “Wie onervare is,
moet hierheen afdraai!”

Vir dié sonder verstand, het sy gesê:

⁵ “Kom, eet van my brood,
en drink van die wyn wat ek gemeng het!

⁶ Sien af van onkunde,^{ee} en leef!
Betree die weg van insig!

* **8:35-36** Job 28:22; Spr 3:1-4,13-18; 4:22; Joh 17:3

* **9:1-6** Spr 1:20-22; 8:1-2,35; 9:11; Jes 25:6; 55:1; Sir 24:19-21; Matt 22:3-4; Joh 6:27,51; Ef 2:20-22; 1 Pet 2:5

^{ee}**9:6 van onkunde:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “onervarenes”.

⁷ * “Wie 'n spotter vermaan,
haal vir homself skande op die hals,
en wie 'n goddelose tereg wys,
kry 'n klad op sy naam.^{ff}

⁸ Moenie 'n spotter tereg wys nie,
anders haat hy jou;
wys 'n wyse tereg, en hy sal jou liefhê.

⁹ Gee aan 'n wyse, en hy word nog wyser;
deel kennis mee aan 'n regverdige,
en sy geleerdheid neem toe.

¹⁰ * Die beginpunt van wysheid
is ontsag vir die HERE,
en kennis van die Heilige is insig.

¹¹ * “Ja, deur my
word jou lewensdae meer,
word daar vir jou lewensjare bygevoeg.

¹² * As jy wys is,
is jy wys tot jou voordeel,
maar as jy spot,
dra jy alleen die gevolge.”

Uitnodiging deur Dwaasheid

¹³ * Vrou Dwaasheid is luidrugtig,

* **9:7-9** Ps 141:5; Spr 1:5; 13:1; 15:12; 23:9; Matt 7:6

^{ff} **9:7** kry ... **naam:** Letterlik '(dit) is sy smet'.

* **9:10** Job 28:28; Ps 34:12; 111:10; Spr 1:7; 30:3; Jer 24:7; Sir 1:16

* **9:11** Spr 2:13; 3:2,16; 10:27

* **9:12** Ps 74:22; 79:12; Spr 3:34; 19:29; 30:17; Gal 6:5

* **9:13-18** Spr 2:16-19; 7:7-27

onbesonne, en weet niks.

¹⁴ Sy sit by die ingang na haar huis,
op 'n troon⁸⁸ op die hoogste plek
in die stad,

¹⁵ om te roep na hulle
wat op die pad verbygaan,
wat reguit loop op hulle paaie:

¹⁶ “Wie onervare is,
moet hierheen afdraai!”

En die een sonder verstand, vir hom sê sy:

¹⁷ * “Gesteelde water is soet,
en brood in die geheim geëet,
is smaaklik.”

¹⁸ * Maar hy weet nie dat die skimme
daar is nie;
in die dieptes van die •doderyk
is haar genooies.

10

Spreuke oor goed en kwaad

¹ Spreuke van Salomo.*

'n Wyse seun verheug sy vader,
maar 'n dwase seun
doen sy moeder verdriet aan.*

⁸⁸9:14 troon: Word ook vertaal as “stoel”.

*9:17 Spr 5:15; 20:17

*9:18 Spr 1:32

*10:1 Spreuke van Salomo: Spr 1:1

*10:1 'n Wyse ... aan: Spr 15:20; 17:21,25; 23:22-25; 29:3,15

² *Skatte deur onreg verkry, baat niks nie,
maar geregtigheid red van die dood.

³ *Die HERE laat die keel van 'n regverdige
nie honger ly nie,
maar die gulsigheid van goddeloses
dwarsboom Hy.

⁴ *'n Trae hand maak arm,
maar die hand van vlytiges maak ryk.

⁵ *Wie in die somer versamel,
is 'n verstandige seun;
wie in die oestyd vas slaap,
is 'n seun wat skande maak.

⁶ *Seëninge is bedoel vir die kop
van 'n regverdige,
maar die mond van goddeloses
verberg geweld.

⁷ *Herinnering aan 'n regverdige
is tot seën,
maar die roem^{hh} van goddeloses verrot.

⁸ *Wie 'n wyse hart het, aanvaar gebooie;
maar wie dwase lippe het, kom tot 'n val.

* **10:2** Spr 11:4,6,18-19; 21:6; Sir 5:8; Luk 12:19-20

* **10:3** Ps 34:10-11; 37:25; Spr 13:25; Jes 65:13; Matt 6:33; Jak 4:3

* **10:4** Spr 12:24; 13:4; 21:5

* **10:5** Spr 6:8; 24:30-31,34; 30:25

* **10:6** Spr 3:33; 10:11

* **10:7** Job 18:17; Ps 9:6-7; 112:6; Pred 8:10

^{hh}**10:7 roem:** Letterlik 'naam'.

* **10:8** Spr 10:10; Matt 7:24-27

⁹ *Wie onberispelik leef, leef veilig;
maar wie sy paaie vol kinkels maak,
word betrap.

¹⁰ *Wie met sy oog knik,ⁱⁱ
veroorsaak droefheid,
en wie dwase lippe het, kom tot 'n val.

¹¹ *'n Bron van lewe
is die mond van 'n regverdige,
maar die mond van goddeloses
verberg geweld.

¹² Haat verwek tweedrag,^{*}
maar liefde bedek alle oortredings.^{*}

¹³ *Op die lippe van 'n verstandige
word wysheid gevind,
maar 'n lat is vir die rug
van iemand sonder verstand.

¹⁴ *Wyses hou kennis in bewaring,
maar die mond van 'n sot
huisves dreigende ondergang.

¹⁵ *Die besittings van 'n ryke

* **10:9** Ps 23:4; Spr 2:7; 28:18; Jes 33:15-16; Matt 10:26

* **10:10** Spr 6:12-13; 16:30; Sir 7:20

ⁱⁱ **10:10 oog knik:** Om met 'n oog te knik, het beteken om iets onderduims te doen.

* **10:11** Ps 37:30; Spr 10:6; 13:14; 16:22

* **10:12 haat ... tweedrag:** Spr 15:17-18

* **10:12 maar ... oortredings:** Spr 17:9; 1 Kor 13:7; Jak 5:20; 1 Pet 4:8

* **10:13** Deut 25:2; Spr 10:31; 14:3; 26:3

* **10:14** Ps 59:13; Spr 10:8; 12:23; 13:3; 18:7

* **10:15** Ps 52:9; Spr 18:11; 19:7; 30:14

is sy sterk vestingstad;
die ondergang van armes
is hulle armoede.

¹⁶ *Die verdienste van 'n regverdige
lei na die lewe;
die inkomste van 'n goddelose
lei na sonde.

¹⁷ *Wie ag slaan op vermaning,
is op pad na lewe;
maar wie teregwysing in die wind slaan,
lei ander op 'n dwaalweg.

¹⁸ *Wie haat verberg,
het leuenagtige lippe,
en wie 'n gerug versprei, is 'n dwaas.

¹⁹ *By 'n oorfloed woorde
bly oortredings nie uit nie;
maar wie sy lippe in bedwang hou,
is verstandig.

²⁰ *Uitgesoekte silwer is op die tong
van 'n regverdige;
die gedagtes van goddeloses is min werd.

²¹ *Die lippe van 'n regverdige voed vele;
maar sotte sterf

* **10:16** Spr 11:18-19; 15:6; 19:23

* **10:17** Spr 5:12-13,22-23; 6:23; 15:5,10

* **10:18** Lev 19:16; Ps 101:5; Spr 11:13; 26:24-26

* **10:19** Spr 17:27-28; Pred 5:2-3; Sir 20:18-20; Matt 12:36-37; Jak 1:19; 3:2

* **10:20** Spr 8:19; 10:32

* **10:21** Spr 11:9; Hos 4:6

deur 'n gebrek aan verstand.

²² *Die seën van die HERE —

dit is wat ryk maak,

en harde werk voeg daar niks by nie.^{jj}

²³ *Soos dit vir 'n dwaas 'n plesier is

om 'n skandelige daad te begaan,

so is wysheid vir 'n skerpsinnige mens.

²⁴ *Wat 'n goddelose vrees,

dit kom hom oor;

maar wat regverdiges begeer,

dit gee God.^{kk}

²⁵ *Wanneer 'n storm verbytrek,

is 'n goddelose nie meer daar nie,

maar 'n regverdige

is 'n ewige fondament.

²⁶ *Soos asyn vir die tande

en rook vir die oë,

so is 'n leeglêer vir die een wat hom stuur.

²⁷ *Ontslag vir die HERE

verleng die lewensdae,

maar die jare van goddeloses

***10:22** Gen 26:12; Deut 8:18; Ps 127:2; Sir 11:22; Matt 6:31-32; Jak 1:17

^{jj}**10:22 harde ... by nie:** Kan ook vertaal word as “hy voeg daar nie harde werk by nie”.

***10:23** Spr 2:14; 8:30; 15:21

***10:24** Job 3:25; Ps 7:4-6; 37:4; 145:19; Jes 66:4; Wys 11:16; Matt 5:6; 1 Joh 5:14

^{kk}**10:24 God:** Die •bronteks lui “Hy”.

***10:25** Job 21:18; Ps 58:10; Spr 12:3; Jes 29:5-7; Wys 5:14; Matt 7:24-27

***10:26** Spr 26:6

***10:27** Deut 6:2; Ps 55:23-24; Spr 3:1-2; 8:12-13; 9:10-11

word kortgeknip.

²⁸ *Die verwagting van regverdiges
is vreugde,
maar die hoop van goddeloses vergaan.

²⁹ *Die weg van die HERE
is 'n toevlug vir wie onberispelik is,
maar dit bring ondergang
vir boosdoeners.

³⁰ *'n Regverdige sal nooit wankel nie,
en goddeloses sal die land nie bewoon nie.

³¹ *Die mond van 'n regverdige
bring wysheid voort,
maar 'n perverse tong word afgesny.

³² Die lippe van 'n regverdige
weet wat aanvaarbaar is,
maar die mond van goddeloses
is pervers.

11

¹ *'n Vals weegskaal
is vir die HERE afstootlik,
maar 'n egte gewig geniet sy goedkeuring.

² *As verwaandheid kom, kom skande,

* **10:28** Job 8:13; Spr 11:7,23; 24:14,18; Jer 29:11

* **10:29** Ps 1:6; Spr 11:5; 13:6; 21:15

* **10:30** Ps 37:28-29; 125:1; Spr 2:21-22

* **10:31-32** Ps 37:30; Spr 10:13,20; 15:2; Pred 10:12

* **11:1** Lev 19:35-36; Deut 25:13-16; Spr 16:11; 20:10; Eseg 45:10; Miga 6:10-11

* **11:2** Spr 16:18; 29:23

maar by beskeie mense is daar wysheid.

³* Die onkreukbaarheid van opregtes

lei hulle,

maar die verdorwenheid van verraderlikes

vernietig hulle.

⁴* Rykdom baat niks

in 'n tyd van woede nie,

maar regverdigheid red van die dood.

⁵* Die regverdigheid van dié

wat onberispelik is,

maak sy pad gelyk,

maar deur sy goddeloosheid

val 'n goddelose.

⁶* Die regverdigheid van opregtes

red hulle,

maar deur die wispelturigheid

van verraderlikes

word hulle self gevang.

⁷* By die dood van 'n goddelose mens

is sy hoop daarmee heen,

en die verwagting wat rykdom bied,

verlore.

⁸* Die regverdige word uit nood bevry,

* 11:3 Spr 11:18-19; 13:6

* 11:4 Spr 10:2; Eseg 7:19; Sef 1:18

* 11:5 Spr 3:6; 13:6; 15:19

* 11:6 Ps 7:16-17; Spr 5:21-23; Pred 10:8; Jes 26:7

* 11:7 Job 8:13-14; Spr 10:28; Wys 3:18; 5:14

* 11:8 Ps 37:39; Spr 21:18; 2 Thess 1:6-7

en 'n goddelose neem dan sy plek in.

⁹* Met die mond vernietig 'n ongelowige
sy medemens,

maar deur kennis word regverdiges bevry.

¹⁰* Oor die voorspoed van regverdiges
is 'n dorp verheug,

en wanneer goddeloses ten gronde gaan,
is daar gejuig.

¹¹* Deur die seën van opregtes
bereik 'n dorp hoogtes,

maar deur die mond van goddeloses
word dit afgebreek.

¹²* Wie sy naaste verkleineer,
is sonder verstand,

maar iemand met insig bly stil.

¹³* Wie as 'n skindertong rondgaan,
openbaar geheime,

maar 'n betroubare persoon
hou die saak verborge.

¹⁴* Sonder leierskap val 'n volk,
maar oorwinning lê by baie raadgewers.

¹⁵* Iemand sal beslis skade ly

* **11:9** Spr 10:21; 12:6

* **11:10** Spr 28:12,28

* **11:11** Spr 12:6; 29:4,8

* **11:12** Job 6:24; Ps 15:3; Spr 14:21

* **11:13** Lev 19:16; Spr 10:14; 20:19; Sir 27:17

* **11:14** Spr 15:22; 24:6; Sir 37:7-14

* **11:15** Spr 6:1-5; 22:26; Sir 29:14-20

wanneer hy vir 'n vreemde borg staan;
wie 'n weersin het
in die gee van handdrukke,^{ll}
is veilig.

¹⁶ *'n Bekoorlike vrou palm eer in,
maar geweldenaars palm rykdom in.

¹⁷ *Wie troue liefde betoon,
doen goed aan homself;
'n hartelose mens
stort homself in die ongeluk.

¹⁸ *'n Goddelose maak bedrieglike wins,
maar wie geregtigheid saai,
kry 'n egte beloning.

¹⁹ Egte regverdigheid is gerig op die lewe,
maar wie kwaad najaag,
stuur af op sy dood.

²⁰ *Mense met geslepe harte
is vir die HERE afstootlik,
maar dié met 'n onbesproke lewenspad
geniet sy goedkeuring.

²¹ *Dit staan vas:

^{ll}**11:15 weersin ... handdrukke:** Letterlik 'weersin in (hand)slanery'. By die sluit van 'n ooreenkoms om as borg op te tree, het die twee partye mekaar se hande geklap of geskud.

* **11:16** Spr 12:4; 31:28,30-31

* **11:17** Spr 5:9; Matt 5:7; 25:34-36

* **11:18-19** Deut 30:15; Job 4:8; Spr 10:2-3,16-17; Hos 10:12; Rom 6:23; Gal 6:8-9;
Jak 1:15

* **11:20** 1 Kron 29:17; Ps 119:1; Spr 12:2,22; 15:9

* **11:21** Ps 112:2; Spr 12:7; 16:5

Kwaad bly nie ongestraf nie,
maar die nakomelinge van regverdiges
kom vry.

²² *'n Goue ring aan 'n vark se snoet —
so is 'n vrou wat mooi is,
maar goeie oordeel prysgee.

²³ *Wat regverdiges begeer,
strek net ten goede,
maar die hoop van goddeloses bring toorn.

²⁴ *Daar is iemand wat uitdeel,
en hy verkry steeds meer,
en een wat meer as wat nodig is, terughou —
net om gebrek te ly.

²⁵ 'n Gulhartige^{mm} persoon geniet oorvloed,ⁿⁿ
en wie 'n ander se dors les,^{oo}
kry self ook genoeg te drinke.

²⁶ *Wie graan terughou —
die mense vervloek hom,
maar seën rus op die kop van iemand
wat koring te koop aanbied.

²⁷ *Wie die goeie voor oë het,
soek aanvaarding,

* **11:22** Gen 24:47; Spr 12:4; 31:30

* **11:23** Ps 37:4-5; Spr 10:28; 12:5; Rom 2:8-9

* **11:24-25** Ps 37:21; 112:9; Spr 9:17; 22:9,16; 28:27; 2 Kor 9:6-9

^{mm}**11:25 Gulhartige:** Die woord hou verband met seën; vgl Spr 11:26.

ⁿⁿ**11:25 geniet oorvloed:** Letterlik “word vet gemaak”.

^{oo}**11:25 'n ... les:** Letterlik “hy wat laat drink”.

* **11:26** Gen 42:6; Spr 10:6; 28:27; Am 8:5-6

* **11:27** Est 7:10; Ps 7:15-16; Spr 5:22; Fil 4:8

maar wie kwaad nastreef —
dit haal hom in.

²⁸ *Wie op sy rykdom vertrou, val self,
maar soos groen blare
spruit regverdiges uit.

²⁹ *Wie rampspoed oor sy huis bring,
erf wind,
en 'n sot word die slaaf^{pp}
van 'n verstandige mens.

³⁰ *Die vrug van 'n regverdige
is 'n boom van lewe,
maar geweld^{qq} neem lewens weg.^{rr}

³¹ *As 'n regverdige op aarde
vergeld word,
hoeveel te meer
'n goddelose en 'n sondaar!

12

¹ *Wie vermaning liefhet, het kennis lief,
maar wie teregwysing haat, is dom.

* **11:28** Job 31:24-28; Ps 1:3; 52:10; 92:13; Jer 9:23; Mark 10:24-25; 1 Tim 6:17

* **11:29** Spr 14:19; 15:27; Pred 2:11; 5:16

^{pp}**11:29** sot ... slaaf: Die persoon moet homself as skuldslaaf te koop aanbied.

* **11:30** Spr 10:11; 14:25; Jak 5:20; 1 Kor 9:19-22

^{qq}**11:30** geweld: Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “'n wyse”.

^{rr}**11:30** geweld ... weg: Word ook vertaal as “'n wyse neem lewens aan”, of “'n wyse wen siele”.

* **11:31** Ps 58:11-12; Spr 10:16; 13:6,21; Jer 25:29; 1 Pet 4:18

* **12:1** Spr 3:18; 5:12-13; 13:1; 15:5,10; Sir 21:6

² *'n Goeie mens

geniet die HERE se goedkeuring,
maar iemand met slinkse planne
veroordeel Hy.

³ *'n Mens kan nie bestendig wees
deur goddeloosheid nie,
en die wortel van regverdiges
kan nie losgeskud word nie.

⁴ *'n Knap vrou is 'n kroon vir haar man,
maar soos verrotting in sy gebeente
is 'n vrou wat skande maak.

⁵ *Die planne van regverdiges is reg,
maar die leiding van goddeloses
is bedrieglik.

⁶ *Die woorde van goddeloses
is 'n hinderlaag tot bloedvergieting,
maar die monde van opregtes bevry hulle.

⁷ *Goddeloses word omvergewerp
en is nie meer daar nie,
maar die huis van regverdiges bly staan.

⁸ *Ooreenkomstig sy skrandeheid
word 'n man geprys,

*12:2 Spr 8:35; 11:20; 14:17

*12:3 Spr 10:25,30

*12:4 Spr 14:1; 31:10-31; Sir 22:4-5; 25:8

*12:5 Spr 11:23; 14:8; Matt 12:35

*12:6 Spr 1:11; 14:3

*12:7 Ps 37:35-38; Spr 10:25,30; 14:11; Matt 7:24-27

*12:8 Spr 13:15; Jes 29:24

maar iemand met 'n verwarde gemoed
is uitgelewer aan veragting.

⁹*Wie gering geag word,
maar tog 'n slaaf het,
is beter as iemand
wat hom belangrik voordoën,
maar 'n gebrek aan brood het.

¹⁰*'n Regverdige
ken die behoeftes van sy diere,
maar die ontferming van goddeloses
is wreed.

¹¹*Wie sy grond bewerk,
eet hom versadig aan brood,
maar wie nietighede najaag,
is sonder verstand.

¹²*'n Goddelose mens vind vreugde
in 'n vangnet van booshede,^{ss}
maar die wortel van regverdiges
is goed gevestig.^{tt}

¹³*In 'n oortreding met die lippe
lê die valstrik vir 'n bose mens,

*12:9 Spr 11:24; 13:7; Sir 10:26-27; Rom 12:3

*12:10 Eks 23:5; Deut 25:4; Spr 27:23; Sir 7:22

*12:11 Spr 24:27; 28:19

*12:12 Spr 11:30; 21:10

^{ss}12:12 vind ... booshede: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
•bronteks en dit word verskillend vertaal.

^{tt}12:12 is ... gevestig: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “hy
gee”.

*12:13 Ps 59:13; Spr 18:7; 21:23; 2 Pet 2:9

maar 'n regverdige

ontkom aan benoudheid.

¹⁴ *Uit die vrug van iemand se mond
word hy met die goeie versadig,
en die werk van 'n mens se hande
vergoed hom.

¹⁵ *Die pad van 'n sot
is reg in sy eie oë,
maar 'n wyse luister na raad.

¹⁶ *'n Sot laat dadelik sy misnoeë blyk,
maar 'n slim mens
sien belediging oor die hoof.^{uu}

¹⁷ *'n Betroubare getuie
bring na vore wat reg is,
maar 'n vals getuie net wat bedrieglik is.

¹⁸ *Daar is skinderpraatjies
wat soos dolksteke is,
maar die tong van wyses
is 'n geneesmiddel.

¹⁹ *'n Betroubare lip hou stand vir altyd,
maar 'n vals tong net vir 'n oomblik.^{vv}

***12:14** Spr 13:2; 18:20; 28:19

***12:15** Spr 13:10; 16:2; Luk 18:11

***12:16** 1 Sam 25:25; Spr 29:11

^{uu}**12:16** 'n slim ... hoof: Word ook vertaal as “hy wat skande verberg, is slim”.

***12:17** Spr 14:5,25

***12:18** Ps 57:5; Spr 15:4

***12:19** Ps 52:4-6

^{vv}**12:19** vir 'n oomblik: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “solank ek 'n oomblik/rus gun”.

²⁰ *Bedrog is in die hart van hulle
wat kwaad beplan,
maar vir hulle wat vrede aanbeveel,
is daar vreugde.

²¹ *Geen onreg sal die regverdiges tref nie,
maar goddeloses het onheil in oormaat.

²² *Afstootlik vir die HERE is vals lippe,
maar hulle wat betroubaar optree,
geniet sy goedkeuring.

²³ *'n Slim mens hou sy kennis verborge,
maar die harte van dwase roep uit:
“Sotheid!”

²⁴ *Die hand van vlytiges sal regeer,
maar trae hande
is bestem vir dwangarbeid.

²⁵ *Kommer in die hart van 'n mens
maak die hart neerslagtig,
maar 'n vriendelike woord beur dit op.

²⁶ 'n Regverdige soek sy vriende uit,^{ww}
maar die pad van goddeloses
lei hulle op 'n dwaalspoor.

* **12:20** Ps 119:118; Spr 14:22; 26:24; Matt 5:9; Rom 14:19

* **12:21** Ps 91:10; Spr 11:21; 1 Pet 3:13

* **12:22** Spr 6:16-17; 11:20; Op 22:15

* **12:23** Spr 13:16; 15:2; 18:2

* **12:24** Spr 10:4; 13:4

* **12:25** Spr 15:13; 17:22; Sir 30:21; Matt 6:25-34

^{ww}**12:26** soek ... uit: Sommige vertaal, met gewysigde vokale “laat sy weiding nagaan”.

²⁷ 'n Trae persoon braai^{xx} nie sy wild nie,
maar vir 'n vlytige mens
is besittings kosbaar.

²⁸ *Op die weg van geregtigheid
is daar lewe,
maar die pad van hulle
wat 'n wrok koester,
lei na die dood.^{yy}

13

¹ *'n Wyse seun aanvaar^{zz}
die vermaning van 'n vader,
maar 'n spotter gee nie gehoor
aan 'n dreigement nie.

² *Van die vrug van iemand se mond
kan hy iets goeds eet,
maar verraderlike mense
het 'n begeerte na geweld.

³ *Wie sy mond bewaak, beskerm sy lewe;

^{xx}**12:27 braai:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal. Die Septuagint, gevolg deur die •Peshitta, •Targum en •Vulgaat lui “vang”.

***12:28** Deut 30:15-16; Spr 10:2; 11:5; Jer 21:8

^{yy}**12:28 pad ... dood:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “die pad van 'n weg is nie-dood”.

***13:1** Spr 1:8; 10:1

^{zz}**13:1 aanvaar:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***13:2** Spr 12:14; 18:20

***13:3** Ps 141:3; Spr 18:7; 21:23; Sir 25:8; 28:25-26; Jak 3:2-12

wie sy lippe wyd oopmaak,
vir hom wag daar ondergang.

^{4 *}'n Luidard — sy keel begeer,
en daar is niks,
maar die keel van vlytiges
geniet oorvloed.^a

^{5 *}In vals woorde
het 'n regverdige 'n weersin,
maar 'n goddelose gedra hom stink
en tree skandelik op.

^{6 *}Geregtigheid bewaak
'n onberispelike leefwyse,
maar goddeloosheid
werp 'n sondaar omver.

^{7 *}Daar is iemand wat hom ryk voordoën,
maar heeltemal niks het nie,
en iemand wat hom arm voordoën,
maar baie besittings het.

^{8 *}Die losprys vir die lewe van 'n man
is sy rykdom,
maar 'n arme hoor nie
sulke dreigemente nie.

*13:4 Spr 10:4; 12:24,27

^a13:4 **geniet oorvloed:** Letterlik 'word vet gemaak'.

*13:5 Ps 119:163; Spr 18:3

*13:6 Ps 119:1; Spr 11:3,5-6

*13:7 Spr 12:9; 2 Kor 6:10; Jak 2:5; Op 3:17

*13:8 Job 2:4; Spr 10:15

⁹ *Die lig van regverdiges

straal vreugde uit,

maar die lamp van goddeloses

word uitgedoof.

¹⁰ *Verwaandheid gee net rusie af,

maar by hulle wat raad aanvaar,

is daar wysheid.

¹¹ *Besittings wat moeiteloos verkry word,

sal verminder,

maar wie met die hand bymekaarmaak,

vermeerder dit.

¹² *Onvervulde hoop maak die hart siek,

maar 'n vervulde wens

is 'n boom van lewe.

¹³ *Wie 'n opdrag met minagting bejeën —

van hom word 'n pand geneem,

maar wie 'n bevel eerbiedig,

hy sal vergoed word.

¹⁴ *Die onderrig van 'n wyse

is 'n bron van lewe,

sodat die vangstrikke van die dood

vermy kan word.

*13:9 Job 18:5-6; Spr 4:18-19

*13:10 Spr 12:15; 17:19

*13:11 Spr 10:2; 28:20,22

*13:12 Neh 2:2; Spr 3:18; 13:19

*13:13 Num 15:31; 2 Kron 36:16; Spr 19:16

*13:14 Spr 14:27; 2 Tim 2:26

¹⁵ *Goeie begrip wen guns,
maar die pad van verraderlike mense
is onveranderlik.^b

¹⁶ *Elke slim mens tree met oorleg op,
maar 'n dwaas sprei sy sotheid oop.

¹⁷ *'n Goddelose boodskapper
stort self in die ongeluk,
maar 'n betroubare gesant
is 'n gerusstelling.

¹⁸ * Armoede en skande lê voor
vir^c wie vermaning in die wind slaan,
maar wie op teregwysing ag slaan,
word geëer.

¹⁹ *'n Wens wat waar word,
is aangenaam vir die gemoed,
maar dit is afstootlik vir dwase
om van die kwaad weg te bly.

²⁰ *Wie met wyses saamgaan,
sal wys word,
maar wie met dwase meng,
word benadeel.

*13:15 Spr 3:4; 12:8

^b13:15 is **onveranderlik**: Letterlik 'is standhoudend'.

*13:16 Spr 12:23; 15:2; Pred 10:3,13

*13:17 Spr 10:26; 25:13

*13:18 Spr 15:31-32; Jer 3:25

^c13:18 **lê ... vir**: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*13:19 Spr 13:12; Spr 29:27

*13:20 2 Kron 10:8; Spr 22:24-25; Sir 6:34; 8:8,17; 1 Kor 15:33

²¹ *Onheil agtervolg sondaars,
maar regverdiges

word deur die goeie beloon.

²² *'n Goeie mens laat sy kleinkinders erf,
maar 'n sondaar se eiendom

word vir 'n regverdige weggebêre.

²³ Oorvloedige kos

is op die braakland van armes,
maar dit word weggedra deur onreg.

²⁴ *Wie sy lat terughou, haat sy seun,
maar wie hom liefhet,

hou hom in die oog vir straf.

²⁵ *'n Regverdige

eet tot sy honger gestil is,^d
maar die maag van goddeloses bly leeg.

14

¹ *Die wyses onder vroue

bou elkeen haar huis,
maar sotheid breek dit eiehandig af.

* **13:21** Ps 32:10; Spr 13:13

* **13:22** Job 27:13-17; Spr 28:8; Pred 2:26

* **13:24** Deut 8:5; Spr 19:18; 22:15; 29:15,17; Sir 30:1,8-13; Ef 6:4; Heb 12:5-7

* **13:25** Ps 34:11; Spr 10:3; Jes 65:13

^d**13:25 tot ... is:** Letterlik 'vir die versadiging van sy keel'.

* **14:1** Spr 9:1; 24:3

² *Wie in sy opregtheid
die lewenspad^e loop,
het ontsag vir die HERE,
maar hy wat op kronkelpaaie gaan,
verag Hom.

³ *In die mond van 'n sot
is daar 'n slaanding vir sy hoogmoed,
maar die lippe van wyses beskerm hulle.

⁴ Waar geen beeste is nie,
is die voerkrip leeg;
maar groot is die opbrengste
deur die krag van 'n bul.

⁵ *'n Betroubare getuie lieg nie,
maar 'n vals getuie ryg leuens uit.

⁶ *'n Spotter soek wysheid,
maar daar is niks;
kennis is vir 'n verstandige maklik.

⁷ *Bly weg van 'n dwase man;
jy sal nie lippe met kennis leer ken nie.

⁸ *Die wysheid van 'n slim mens
is om sy lewenspad te verstaan,
maar die sotheid van dwase is bedrog.

*14:2 Spr 2:15

^e14:2 **die lewenspad:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*14:3 Spr 10:13; 12:6; 26:3

*14:5 Eks 20:16; 23:1; Spr 6:19; 12:17

*14:6 Spr 8:8-9; 15:14; 17:16,24

*14:7 Spr 13:20; 17:12; 23:9

*14:8 Spr 12:5; 14:15; Pred 2:13

⁹ * Sondeskuld maak 'n bespotting
van sotte,
maar tussen opregtes
is daar welwillendheid.

¹⁰ * Die hart ken sy eie bitterheid,
en in sy vreugde kan 'n buitestander
nie deel nie.

¹¹ * Die huis van goddeloses word verdelg,
maar die tent van opregtes gedy.

¹² * Daar is 'n pad wat vir 'n mens reg lyk,
maar dit eindig by paaie na die dood.

¹³ * Ook onder gelag kan 'n hart pyn ervaar;
die einde van vreugde is verdriet.

¹⁴ * Van sy eie optrede
kry 'n afvallige^f genoeg,
en 'n goeie man kry genoeg
van wat oor hom kom.

¹⁵ * Onverstandiges glo elke woord,
maar 'n slim mens oorweeg sy voetstappe.

¹⁶ * 'n Wyse is versigtig
en vermy die kwaad,

* **14:9** Spr 10:23; 21:27

* **14:10** 1 Sam 1:10,15

* **14:11** Job 8:15; Spr 3:33; 12:7; 15:25; Matt 7:24-27

* **14:12** Spr 12:15; 16:25; Sir 21:10; Rom 6:21

* **14:13** Pred 2:1-2; 7:3; Luk 6:25

* **14:14** Spr 1:31; 12:14

^f**14:14** 'n afvallige: Letterlik 'afwyking van hart'.

* **14:15** Ef 4:14

* **14:16** 1 Sam 25:25; Spr 3:7; 22:3; 1 Thess 5:22

maar 'n dwaas is humeurig
en vol selfvertroue.

¹⁷ *Wie kort van humeur is,
begaan 'n sotheid,
en iemand met slinkse planne
word gehaat.

¹⁸ *Onverstandiges erf sotheid,
maar slim mense dra kennis
as hoofbedekking.

¹⁹ *Slegtes buig neer voor goeies,
en goddeloses by die poorte
van 'n regverdige.

²⁰ *Selfs deur sy medemens
word 'n arme gehaat,
maar die vriende van 'n ryke is baie.

²¹ *Wie sy medemens verag, sondig;
maar wie medelye het met magteloses,
is gelukkig.

²² *Is hulle wat kwaad beplan
nie op 'n dwaalspoor nie,
en is troue liefde en waarheid nie bestem
vir hulle wat die goeie beplan nie?

*14:17 Spr 12:2; 14:29; 29:22

*14:18 Spr 4:9; 14:24

*14:19 1 Sam 2:36; Jes 60:14; Op 3:9

*14:20 Spr 19:4,6-7; Sir 6:8-12

*14:21 Ps 41:2; 112:9; Spr 19:17; Matt 5:7

*14:22 Jos 2:14; Spr 3:29; 12:20,26

²³ *In alle harde werk is daar voordeel,
maar 'n blote gepraat lei net tot gebrek.

²⁴ *Die kroon van wyses is hulle rykdom;
die sotheid van dwase is blote sotheid.

²⁵ *'n Betroubare getuie red lewens,
maar wie leuens uitryg, is bedrieglik.

²⁶ *In ontsag vir die HERE
lê daar sterk vertrouwe,
en vir iemand se kinders
bied dit 'n skuilplek.

²⁷ *Ontsag vir die HERE is 'n bron van lewe,
sodat die vangstrikke van die dood
vermy kan word.

²⁸ *In 'n oorfloed van mense
lê 'n koning se luister,
maar in die afwesigheid van 'n volk,
lê 'n hooggeplaaste se ondergang.

²⁹ *Die geduldige mens
is ryk aan verstandigheid,
maar wie kort van humeur is,
stel sotheid ten toon.

³⁰ *'n Kalm hart gee lewe aan die liggaam,

*14:23 Spr 13:4

*14:24 Spr 10:22; 27:22

*14:25 Eseg 3:18-19; Spr 6:19; 14:5

*14:26 Ps 9:10; 61:4; Spr 18:10; 29:25

*14:27 Spr 13:14; 19:23

*14:28 2 Sam 24:3

*14:29 Spr 14:17; 16:32; 19:11; Jak 1:19

*14:30 Ps 112:10; Spr 17:22; 27:4; Jak 3:16

maar naywer is verrotting in die gebeente.

³¹ *Hy wat 'n arme uitbuit,

beledig sy Maker,

maar wie hom oor die behoeftige ontferm,

eer Hom.

³² *Deur sy boosheid

word 'n goddelose omvergewerp,

maar 'n regverdige

vind 'n skuilplek, selfs by sy dood.

³³ *In die hart van 'n verstandige

rus wysheid;

selfs onder dwase is dit bekend.

³⁴ *Geregtigheid verhoog 'n nasie,

maar sonde is 'n skande vir volke.

³⁵ *Die welwillendheid van die koning

is daar vir 'n verstandige dienaar,

maar sy woede

is bedoel vir 'n skandemaker.

15

¹ *'n Sagte antwoord keer woede weg,

maar 'n krenkende woord

laat toorn opvlam.

*14:31 Job 31:15; Spr 17:5; 22:2; Matt 25:40; 1 Joh 3:17

*14:32 Ps 17:15; 34:21; 2 Kor 1:9; 2 Tim 4:18

*14:33 Spr 1:22; 12:23

*14:34 Deut 4:6; 2 Kron 28:19; Spr 29:4

*14:35 Spr 16:13; 22:29; Matt 24:45-47; 25:21; Luk 19:17

*15:1 Spr 15:18; 25:15; Pred 10:4; Sir 6:5

²* Die tong van wyses

maak kennis lofwaardig,
maar die mond van dwase
stort sotheid uit.

³ Op elke plek is die oë van die HERE,
hulle hou slegtes en goeies dop.

⁴ Kalmte van die tong is 'n boom van lewe,
maar verdorwenheid daarvan
breek die gees.

⁵* 'n Sot versmaai
die vermaning van sy vader,
maar hy wat teregwysing ter harte neem,
is slim.

⁶* In die huis van 'n regverdige
is daar baie voorraad,
maar in die opbrengs van 'n goddelose
skuil daar teenspoed.

⁷* Die lippe van wyses strooi kennis uit,
maar die hart van dwase doen dit nie.⁸

⁸* Die offer van goddeloses
is afstootlik vir die HERE,
maar die gebed van opregtes
geniet sy goedkeuring.

* 15:2-4 Spr 5:21; 15:24-27; Heb 4:13

* 15:5 Spr 10:1; 15:20-25

* 15:6 Spr 10:6; 15:19

* 15:7 Spr 15:2,28; Matt 12:34

⁸15:7 doen dit nie: Kan ook vertaal word as “is nie reg nie”.

* 15:8-9 Spr 15:29; 21:27; Pred 5:1; Sir 7:9; 34:23; Joh 9:31

⁹ Afstootlik vir die HERE

is die pad van 'n goddelose,
maar wie geregtigheid nastreef,
vir hom is Hy lief.

¹⁰ *'n Ernstige vermaning is gepas
vir hom wat die pad verlaat;
wie teregwysing haat, sal sterf.

¹¹ Die •doderyk en die onderwêreld
lê oop voor die HERE —
hoeveel te meer
die harte van mensekinders!

¹² *'n Spotter hou nie daarvan
as iemand hom tereg wys nie;
na wyses sal hy nie gaan nie.

¹³ 'n Vrolike hart laat die gesig goed lyk,
maar by kommer in die hart
is die gees neerslagtig.

¹⁴ Die hart van 'n verstandige soek kennis,
maar die monde van dwase
word gevoed met sotheid.

¹⁵ Al die lewensdae van 'n magtelose
is sleg,
maar vrolikheid van hart
is 'n voortdurende fees.

¹⁶ *'n Bietjie, saam met ontsag
vir die HERE,

* **15:10-11** 1 Sam 16:7; Ps 44:22; Spr 12:1; 15:33 — 16:7; Sir 42:18

* **15:12-15** Spr 12:2; 15:30-32; 17:22; Sir 13:25-26; 2 Tim 4:3

* **15:16-17** Ps 37:16; Spr 16:8; 17:1; 1 Tim 6:6

is beter as 'n groot skat
met paniek daarby.

¹⁷ 'n Porsie groente
met liefde daarby

is beter as 'n vetgevoerde bees
met haat daarby.

¹⁸ *'n Opvlieënde man
sit 'n stryery aan die gang,
maar 'n geduldige mens bring 'n geskil
tot bedaring.

¹⁹ *Die pad van 'n lui aard
is soos 'n doringheining vol dorings,
maar die weg van opregtes is gebaan.

²⁰ *'n Wyse seun verbly sy vader,
maar 'n dwase mens minag sy moeder.

²¹ Sotheid is 'n vreugde vir iemand
sonder verstand,
maar 'n skerpsinnige mens
loop 'n reguit pad.

²² Planne misluk
waar daar geen beraadslaging is nie,
maar met baie raadgewers hou dit stand.

²³ *'n Mens ervaar vreugde
met die gepaste antwoord uit sy mond;
ja, 'n woord op sy tyd —

* **15:18** Spr 15:1; 26:21; Sir 28:11

* **15:19** Spr 15:6

* **15:20-22** Spr 15:5

* **15:23** Spr 25:11; Sir 20:6

hoe goed is dit nie!

²⁴ *Die weg na lewe lei opwaarts
vir 'n verstandige mens,
om so die doderyk daar onder te ontwyk.

²⁵ Die HERE breek
die huis van hovaardiges af,
maar die gebied van 'n weduwee
baken Hy af.

²⁶ Die planne van 'n bose mens
is vir die HERE afstootlik,
maar vriendelike woorde is suiwer.

²⁷ Wie onregverdige wins maak,
stort sy huis in die ongeluk,
maar hy wat omkoopgeskenke haat,
sal leef.

²⁸ *Die hart van 'n regverdige
oorweeg hoe om te antwoord,
maar die mond van goddeloses
stort booshede uit.

²⁹ *Die HERE is ver van goddeloses,
maar die gebed van regverdiges hoor Hy.

³⁰ *Helder oë verheug die hart,
'n goeie berig verfris die liggaam.^h

³¹ 'n Oor wat luister

*15:24-27 Spr 15:2-4

*15:28 Spr 15:7

*15:29 Spr 15:8-9; Joh 9:31

*15:30-32 Spr 15:12-15

^h15:30 verfris die liggaam: Letterlik 'maak die gebeente vet'.

na die teregwysing van die lewe,
sal by wyses tuis wees.

³² Wie vermaning in die wind slaan,
verag sy eie lewe,
maar wie na teregwysing luister,
verkry verstand.

Spreek oor goeie gedrag

³³ *Ontsag vir die HERE
is 'n vermaning tot wysheid,
en nederigheid gaan eer vooraf.

16

¹ *'n Mens kry sy gedagtes agtermekaar,ⁱ
maar die antwoord van die tong
kom van die HERE.

² * Al die weë van 'n mens
is onbesproke in sy eie oë,
maar die een wat die geeste toets,
is die HERE.

³ * Vertrou wat jy doen
aan die HERE toe,
dan sal jou planne standhou.

* **15:33 — 16:7** Spr 1:7; 5:10-11; Sir 1:24

* **16:1** Spr 16:9; 19:21; Jer 10:23; Matt 10:19-20

ⁱ **16:1 Mens ... agtermekaar:** Letterlik 'vir 'n mens is die rangskikking van (die) hart'.

* **16:2** 1 Sam 6:7; Spr 21:2

* **16:3** Ps 37:5-6; Spr 3:5-6; Fil 4:6

- ⁴ *Die HERE het sy doel met alles;
selfs 'n goddelose bestaan
vir die dag van onheil.
- ⁵ *Afstootlik vir die HERE
is elkeen met 'n hoogmoedige hart;
dit staan vas:
So iemand sal nie ongestraf bly nie.
- ⁶ *Deur troue liefde en waarheid
word sondeskuld bedek,
en deur ontsag vir die HERE
vermy 'n mens die kwaad.
- ⁷ *Wanneer die HERE tevrede is
met 'n mens se lewenspaai,
laat Hy selfs sy vyande
met hom vrede maak.
- ⁸ *'n Bietjie, saam met geregtigheid,
is beter as 'n groot inkomste
verkry deur onreg.
- ⁹ *Die hart van 'n mens beplan sy pad,
maar die HERE bepaal sy voetstappe.
- ¹⁰ *'n Orakelspreuk is op die lippe
van 'n koning;

*16:4 Eks 9:16; Job 15:23; Rom 9:21-22

*16:5 Spr 6:16-17; 8:13

*16:6 Job 28:28; Spr 3:3; Dan 4:27

*16:7 2 Kron 17:10; Esra 8:36; 1 Pet 3:13

*16:8 Spr 15:16-17; Ps 37:16

*16:9 Ps 37:23; Spr 16:1; 19:21; Jer 10:23

*16:10 2 Sam 14:17,20; 1 Kon 3:28; Spr 21:1

by 'n vonnis mag sy mond
nie ontrou wees nie.

¹¹ * 'n Skaal, 'n betroubare weegskaal,
is van die HERE;
al die gewigte in die sak
is sy handewerk.

¹² * Afstootlik vir konings
is die pleeg van 'n goddelose daad,
want deur geregtigheid staan 'n troon vas.

¹³ * Regverdige lippe stel konings tevrede,
en hulle het die een lief
wat die regte dinge sê.

¹⁴ * Die woede van 'n koning
is 'n boodskapper van die dood,
maar 'n wyse mens bring dit tot bedaring.

¹⁵ In die stralende gesig van 'n koning
is daar lewe,
en sy goedkeuring is soos die wolke
van laat reëns.^j

¹⁶ * Die verkryging van wysheid —
hoeveel beter is dit nie as goud nie!
Die verkryging van insig

* **16:11** Lev 19:36; Deut 25:13; Spr 11:1; Miga 6:11

* **16:12** Deut 17:18-20; Spr 25:5; 29:14; Rom 3:5

* **16:13** Spr 14:35; 22:11

* **16:14-15** Est 7:7,10; Spr 8:3; 19:12; 20:2

^j**16:15** laat reëns: In die winterreëngebiede van die noordelike halfrond val die laat reëns in Maart-April.

* **16:16** Job 28:15; Spr 3:14; 8:10-11,19

is verkieslik bo silwer.

¹⁷ *Die gebaande weg van opregtes
is om weg te draai van die kwaad;
wie sy lewe wil beskerm,
gee ag op sy lewenspad.

¹⁸ *Voor ineerstorting is daar trots,
en voor die val is daar 'n hooghartige gees.

¹⁹ 'n Nederige gees saam met magteloses
is beter as om buit te verdeel
saam met hovaardiges.

²⁰ *Wie hom toespits op 'n saak,
sal sukses behaal,
en wie op die HERE vertrou,
is gelukkig.

²¹ *Wie wys van hart is,
word verstandig genoem,
en soetheid van lippe
bevorder onderrig.

²² * Begrip is 'n bron van lewe
vir die besitters daarvan,
maar die vermaning van sotte is sotheid.

²³ *Die hart van 'n wyse
maak sy mond verstandig

* **16:17** Spr 2:11-13; 15:19; 19:16; Jes 35:8

* **16:18-19** Spr 11:2; 18:12; 28:6; 29:23; Jes 57:15; Dan 4:29-32

* **16:20** Ps 84:12; Spr 13:13; Jer 17:7

* **16:21** Spr 1:5; 9:9; 16:23; Sir 6:5

* **16:22** Spr 10:11; 13:14; 14:27

* **16:23-24** Ps 19:11; Spr 15:7,23; 24:13-14

en bevorder die onderrig op sy lippe.

²⁴ Vriendelike woorde is 'n heuningkoek

wat oorloop —

soet vir die keel en helend

vir die gebeente.

²⁵ *Daar is 'n pad wat vir 'n mens reg lyk,

maar dit eindig by paaie na die dood.

²⁶ *Die eetlus van 'n werker

laat hom hard werk;

ja, sy mond spoor hom aan.

²⁷ *'n Deugniet grawe onheil uit,

en op sy lippe

is dit soos 'n versengende vuur.

²⁸ 'n Perverse mens ontketen stryd,

en 'n kwaadstoker skei boesemvriende.

²⁹ 'n Man van geweld verlei sy medemens,

en laat hom 'n pad loop

wat nie goed is nie.

³⁰ Wie sy oë toeknyp,

is besig om perverse dinge te beplan;

wie sy lippe saampers,

het die kwaad reeds gedoen.

³¹ *'n Pragtige diadeem^k is grysheid;

op die pad van geregtigheid

*16:25 Spr 12:15; 14:12; 24:20

*16:26 Pred 6:7

*16:27-30 Spr 1:10; 6:12-15; 12:12-15; 17:9; Sir 28:15; Jak 3:6

*16:31 Spr 20:29; Pred 12:5

^k16:31 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband.

word dit gevind.

³² *'n Geduldige mens is beter as 'n held,
en wie sy gees beheers,
is beter as iemand wat 'n stad inneem.

³³ *Die lot word gewerp
in die vou van die kleet,
maar elke beslissing daarvan
kom van die HERE.

17

¹ *'n Stukkie droë brood,
met rus daarby,
is beter as 'n huis vol maaltydoffers,
met 'n getwis daarby.

² *'n Verstandige dienaar sal heers
oor 'n seun wat skande maak,
en sal saam met die broers
deel in die erfenis.

³ *'n Smeltkroes is bedoel vir silwer,
en 'n smeltoondjie vir goud,
maar die HERE toets harte.

⁴ 'n Kwaaddoener gee aandag
aan lippe vol boosheid;

*16:32 Spr 14:29; 19:11; 25:15,28; Pred 7:9

*16:33 Lev 16:8; Jos 7:14; Rig 20:9; 1 Sam 14:41-42; Spr 18:18; Jona 1:7; Hand
1:26

*17:1 Spr 15:16-17

*17:2 Spr 11:29

*17:3 1 Kron 29:17; Spr 16:2; 27:21; Jer 17:10; Sir 2:5; 1 Thess 2:4; 1 Pet 1:7

'n leuenaar spits sy oor
vir 'n tong vol vernietiging.

⁵*Wie 'n arme bespot,
beledig sy Maker;
wie bly is oor teenspoed,
sal nie ongestraf bly nie.

⁶*Kleinkinders is 'n diadeem¹ vir oumense,
en kinders se roem is hulle ouers.

⁷*Breedsprakigheid pas nie
by 'n nikswerd nie —
hoeveel minder nog leuentaal
by 'n vooraanstaande persoon!

⁸*'n Omkoopgeskenk is 'n gelukbringer
in die oë van wie dit besit —
waar hy hom ook al heen wend,
hy gaan sukses behaal!

⁹*Wie 'n oortreding bedek,
streef na liefde,
maar wie 'n saak telkens ophaal,
skei boesemvriende.

¹⁰*'n Dreigement maak 'n groter indruk
op iemand met insig

***17:5** Job 31:29; Spr 14:31; Ob vs 12; 1 Kor 13:6; Jak 2:6

***17:6** Job 42:16; Ps 127:3; 128:6; Sir 3:11

¹**17:6 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband.

***17:7** Spr 24:7; 26:7,9

***17:8** Eks 23:8; Spr 18:16; 19:6; Jes 1:23; Am 5:12

***17:9** Spr 10:12; 16:28; 1 Kor 13:5,7; Jak 5:20; 1 Pet 4:8

***17:10** Spr 10:17

as honderd houe op 'n dwaas.

¹¹ *'n Slegte mens streef net na opstand,
en 'n hartelose boodskapper
word teen hom uitgestuur.

¹² *'n Beer van haar kleintjies beroof
kan eerder op 'n mens afkom,
as 'n dwaas in sy sotheid.

¹³ * As iemand goed met kwaad vergeld,
sal onheil nie sy huis verlaat nie.

¹⁴ * Die begin van 'n stryd
is water wat deurbreek.

Laat dit vaar voor die getwis losbars!

¹⁵ * Hy wat 'n goddelose vryspreek,
en hy wat 'n regverdige
skuldig verklaar,

is albei afstootlik vir die HERE.

¹⁶ * Waarom is daar geld
in 'n dwaas se hand?

Is dit om wysheid te koop,
terwyl hy geen verstand het nie?

¹⁷ *'n Vriend betoon te alle tye liefde,
en 'n broer is gebore vir tye van nood.

*17:11 Ps 78:49

*17:12 2 Sam 17:8; Spr 27:3; Hos 13:8

*17:13 1 Sam 25:21; Ps 35:12; 109:5; Jer 18:20

*17:14 Spr 20:3; 26:21; Matt 5:25-26; 1 Thess 4:11

*17:15 Eks 23:6-7; Lev 19:15; Spr 24:24; Jes 5:23; Jak 5:6

*17:16 Spr 4:5,7; 14:6

*17:17 Rut 1:16; Spr 18:24; 27:10; Sir 6:16; 37:5

18 *'n Mens sonder verstand gee hand;^m

hy staan borg vir sy medemens.

19 *Wie van oortreding hou,

hou van rusie;

wie sy ingang hoog bou,ⁿ

vra vir ineenstorting.

20 *Wie 'n valse hart het,

vind nie die goeie nie,

en wie bedrieglik met sy tong is,

beland in die moeilikheid.

21 *Wie 'n dwaas verwek —

tot verdriet is dit vir hom;

en die vader van 'n nikswerd

sal geen blydschap ervaar nie.

22 *'n Vrolike hart is goed vir herstel,

maar 'n neerslagtige gees

sal die gebeente uitdroog.

23 *'n Omkoopgeskenk

uit die vou van 'n kleed^o —

*17:18 Spr 6:1-5; 22:26-27; Sir 29:14-20

^m17:18 gee hand: Letterlik 'klap hand'. By die sluit van 'n ooreenkoms om as borg op te tree, het die twee partye mekaar se hande geklap of geskud.

*17:19 Spr 16:18; 29:22-23; Jak 3:16

ⁿ17:19 wie sy ... bou: Word ook vertaal as “wie 'n groot mond het”.

*17:20 Spr 10:31; 19:9; Jer 23:36; Jak 3:8

*17:21,25 Spr 10:1; 17:25; 19:13; Sir 16:1,3

*17:22 Spr 12:25; 15:13,15

*17:23 Eks 23:8; Spr 21:14; Miga 3:11

^o17:23 vou ... kleed: Aan die voorkant van die kledingstuk, bokant die gordel, was daar gewoonlik 'n vou wat as sak gedien het en waarin iets weggesteek kon word.

'n goddelose aanvaar dit
om die reg te dwarsboom.

²⁴ *Iemand met insig
hou wysheid voor oë,
maar die oë van 'n dwaas
is gerig op die einde van die aarde.

²⁵ 'n Dwase seun is 'n ergernis vir sy vader,
en 'n bitterheid vir haar
wat hom in die wêreld gebring het.

²⁶ *Om 'n regverdige 'n boete op te lê,
is alreeds nie goed nie;
om vooraanstaande mense te slaan,
druis in teen wat reg is.

²⁷ *Wie sy woorde terughou
is vertrou met kennis,
en wie grootmoedig van gees is,
is 'n skerpsinnige mens.

²⁸ *Selfs 'n sot wat stilbly,
word as wys beskou,
as verstandig,
wanneer hy sy lippe dig hou.

18

¹ Wie hom afsonder,
soek sy eie begeerte;

*17:24 Job 31:1; Spr 4:25; Pred 2:14

*17:26 Job 34:17; Ps 94:21; Spr 18:5; 24:23-24

*17:27 Spr 10:19; Sir 20:6-8; Jak 1:19

*17:28 Job 13:5; Spr 12:23

teen alle gesonde oordeel
ontketen hy 'n stryery.

² *'n Dwaas het geen sin
in verstandigheid nie,
maar net sin
daarin om sy hart te ontbloot.

³ Wanneer 'n goddelose opdaag,
daag veragting ook op,
en saam met skande, ook bespotting.

⁴ *Diep water is die woorde
uit 'n man se mond;
'n bruisende stroom
is 'n bron van wysheid.

⁵ *Om vir 'n dwaas partydig te wees,
is nie goed nie;
dit is om 'n regverdige
in die reg te dwarsboom.

⁶ *Die lippe van 'n dwaas
kom met 'n getwis,
en sy mond roep om slae.

⁷ Die mond van die dwaas is sy ondergang,
en sy lippe 'n valstrik vir sy lewe.

⁸ *Die woorde van 'n kwaadstoker
is soos lekkernye;

*18:2 Spr 12:23; Pred 10:3

*18:4 Spr 20:5; Sir 21:13; Joh 7:38

*18:5 Eks 23:2-3; Lev 19:15; Spr 17:15; 24:23

*18:6-7 Ps 64:8; Spr 10:14; 14:3; 19:29; Pred 10:12

*18:8 Spr 26:22

dit gaan af tot diep in die binneste.

⁹ *Ook hy wat sloer in sy dagtaak
is die broer van 'n opperste verwoester.

¹⁰ *'n Sterk toring
is die Naam van die HERE;
die regverdige hardloop dit binne,
en is onbereikbaar.

¹¹ *Die besittings van 'n ryke
is sy sterk stad;
soos 'n ontoeganklike stadsmuur
is dit in sy verbeelding.

¹² *Voor ineenstorting
is 'n mens se hart hoogmoedig,
maar nederigheid gaan eer vooraf.

¹³ *Wie antwoord voordat hy luister —
sotheid is sy deel, en ook vernedering.

¹⁴ *Die gees van 'n mens
dra hom deur siekte,
maar 'n neerslagtige gees —
wie kan dit opbeur?

¹⁵ *Die hart van 'n verstandige
verkry kennis,

*18:9 Spr 24:33-34; 28:24; Pred 10:18

*18:10 Ps 18:3; 20:2; 61:4; Spr 14:26

*18:11 Spr 10:15

*18:12 Spr 15:33; 16:18; 29:23; Sir 10:14-15; Luk 14:11

*18:13 Spr 15:28; 20:25; Sir 11:8; 32:7-9

*18:14 Spr 15:13; 17:22

*18:15 Spr 14:33; 15:14; Ef 1:17

en die oor van wyses

soek na kennis.

¹⁶ *Die geskenk van 'n mens

skep vir hom ruimte;

na die teenwoordigheid van grotes

lei dit hom.

¹⁷ *Die een wat eerste sy saak stel,

het skynbaar gelyk,

maar sy medemens kom en ondervra hom.

¹⁸ *Die lot bring 'n einde aan rusie,

en hou sterkes uitmekaar.

¹⁹ *'n Broer teen wie oortree is,

is minder toeganklik^p as 'n sterk stad,

en rusie is soos die sluitbalk

van 'n koninklike vesting.^q

²⁰ *Van die vrug van 'n mens se mond

word sy maag gevul;

die opbrengs van sy lippe versadig hom.

²¹ Dood en lewe

is in die mag van die tong,

en hulle wat lief is om die tong te gebruik,

***18:16** Gen 32:20; 1 Sam 25:27; Spr 17:8; 19:6; 21:14

***18:17** 1 Kon 3:16-28

***18:18** 1 Sam 14:41-42; Spr 16:33

***18:19** Gen 27:41

^p**18:19 minder toeganklik:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q**18:19 koninklike vesting:** 'n Versterkte deel van die paleiskompleks wat as laaste skuilplek tydens 'n aanval gedien het.

***18:20-21** Spr 12:14; 13:2-3; Sir 37:18; Matt 12:36-37; 15:11,18-20; Jak 3:2-8

sal die vrug daarvan eet.

²² *Wie 'n vrou gevind het,
het die goeie gevind,
en geniet die goedkeuring van die HERE.

²³ *'n Arme praat pleitend,
maar 'n ryke antwoord hardvotig.

²⁴ *'n Man met baie vriende
word geruïneer,
maar daar is 'n geliefde vriend
wat nader is as 'n broer.

19

¹ *'n Arme wat onberispelik leef,
is beter as iemand met vals lippe
wat boonop 'n dwaas is.

² *Sonder kennis is selfs ywer nie goed nie,
en wie oorhaastig met sy voete is,
trap mis.

³ *Die sotheid van 'n mens
gooi sy lewenspad omver,
maar dan tier sy hart teen die HERE.

⁴ *Besittings maak vriende baie meer,

*18:22 Gen 2:18; Spr 19:14; 31:10-31; Sir 26:1-4

*18:23 Spr 19:7; 22:7; Jak 2:6

*18:24 1 Sam 18:1,3; 20:42; Spr 17:17; 27:10; Joh 15:13-15

*19:1 Spr 14:2; 28:6

*19:2 Spr 21:5; 29:20; Rom 10:2

*19:3 Job 15:13; Ps 14:1; Jes 1:13-15; 32:5-6; Sir 15:11-20

*19:4 Spr 14:20; 19:6-7; Sir 6:8-12; 13:20-23

maar 'n hulpelose

word deur sy vriend verlaat.

⁵ *'n Vals getuie bly nie ongestraf nie,

en iemand wat leuens uitryg,

sal nie vrykom nie.

⁶ *Baie soek die guns

van 'n vooraanstaande persoon,

en elkeen is die vriend

van 'n vrygewige man.^r

⁷ *'n Arme se hele familie

het 'n weersin in hom;

hoeveel te meer sal sy vriend^s

nie van hom af wegbly nie?

Hy probeer hulle met woorde bereik,

maar hulle is nie daar nie.^t

⁸ *Wie verstand verkry, het sy lewe lief;

hy koester verstandigheid

om die goeie te vind.

⁹ *'n Vals getuie bly nie ongestraf nie,

en wie leuens uitryg, gaan ten gronde.

* **19:5** Eks 20:16; 23:1; Deut 19:16-21; Spr 19:9; 21:28; DanGr 2:61

* **19:6** Spr 17:8; 18:16; Pred 5:11; Sir 13:5-6

^r**19:6 vrygewige man:** Letterlik 'man van geskenke'.

* **19:7** Spr 10:15; 19:4; Sir 13:21

^s**19:7 sy vriend:** Die woord "vriend" dui in hierdie verband die persoon aan wat onder andere vooraf al die reëlings vir 'n huwelik tref; vgl Joh 3:29.

^t**19:7 Hy ... daar nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

* **19:8** Spr 3:13-18; 16:20

* **19:9** Eks 23:1; Spr 19:5; 21:28; Dan 6:24

¹⁰ *Weelde pas nie by 'n dwaas nie —
hoeveel minder pas dit 'n slaaf
om oor bevelvoerders te heers!

¹¹ *Die skrandigheid van 'n mens
maak hom geduldig,
en dit is vir hom 'n eer
om 'n oortreding oor te sien.

¹² *'n Gebrul soos dié van 'n jong leeu,
so is die woede van 'n koning;
maar soos dou op die gras
is sy welwillendheid.

¹³ *'n Dwase seun
is die ondergang van sy vader,
en die gekyf van 'n vrou
is soos 'n lekkende dak
wat aanhou drup.

¹⁴ *'n Huis en besittings
is 'n erflating van ouers,
maar 'n verstandige vrou
is van die HERE.

¹⁵ *Luiheid laat iemand wegsink
in diepe slaap,
en 'n trae persoon ly honger.

*19:10 Spr 26:1; 30:22; Pred 10:6-7

*19:11 Spr 14:29; 16:32; Matt 5:44; Ef 4:32; Kol 3:13; Jak 1:19

*19:12 Est 7:7; Ps 72:5-6; Spr 16:14-15; 20:2

*19:13 Spr 10:1; 17:15,25; 21:19

*19:14 1 Sam 25:3; Spr 12:4; 18:22

*19:15 Spr 6:9-11; 10:4; 20:4; 21:25

¹⁶ *Wie gebooie nakom,
beskerm sy lewe;
wie die weë van die HERE^u minag,
sal sterf.

¹⁷ *Wie hom oor 'n arme ontferm,
leen aan die HERE,
en Hy sal hom vergoed
vir sy weldaad.

¹⁸ *Straf jou seun terwyl daar hoop is,
maar moenie jouself opsweep,
en so sy dood veroorsaak nie.

¹⁹ *Wie mateloos woedend word,
betaal die boete;
as jy ingryp, maak jy dit nog erger.

²⁰ *Luister na raad en aanvaar vermaning,
sodat jy uiteindelik wys kan wees.

²¹ *Daar is baie planne
in 'n mens se hart,
maar die raad van die HERE —
dít kom tot stand.

***19:16** Spr 13:13; 16:17; Luk 10:28; 11:28; Rom 10:5

^u**19:16** weë ... HERE: Die bronteks lui “sy weë”.

***19:17** Deut 15:7-10; Ps 41:2-3; Spr 28:27; Matt 10:42; 25:40; 2 Kor 9:6-8; Heb 6:10

***19:18** Deut 21:18-21; Spr 13:24; 23:13-14; Ef 6:4

***19:19** Job 5:2; Spr 22:24-25; 25:28; 29:22

***19:20** Spr 8:33; 15:31-32

***19:21** 2 Sam 17:14; Ps 33:10-11; Spr 16:1,9; 21:30; Jes 14:24; Eseg 20:32; Heb 6:17

²² *Wat van 'n mens verwag word,^v
is sy troue liefde,
en 'n arm mens is beter as 'n leuenaar.

²³ *Ontslag vir die HERE lei tot lewe,
en 'n mens gaan versadig slaap;
deur 'n ramp word hy nie getref nie.

²⁴ *Steek die luitard sy hand in die skottel,
bring hy dit selfs nie eers
na sy mond terug nie.

²⁵ *Slaan jy 'n spotter,
dan word 'n onverstandige slim;
die teregwysing van 'n verstandige
laat hom kennis verstaan.

²⁶ *Wie 'n vader geweld aandoen
en 'n moeder beseer,
is 'n seun wat skande maak
en skandelik optree.

²⁷ *As jy ophou, my seun,
om na vermaning te luister,
dan is dit net om te dwaal —
weg van die woorde van kennis.

***19:22** Spr 19:1; 28:6

^v**19:22** Wat ... word: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***19:23** Ps 91:10; Spr 14:26-27; 22:4; Jes 38:5; Mark 10:30; 1 Tim 4:8

***19:24** Spr 6:6; 15:19; 26:13-15

***19:25** Ps 141:5; Spr 17:10; 21:11

***19:26** Eks 21:17; Spr 20:20; 28:24

***19:27** Spr 1:8; 2 Tim 2:16-17; Jak 1:22

²⁸ *'n Deugniet van 'n getuie
maak 'n bespotting van die reg,
en die mond van goddeloses
verslind boosheid.

²⁹ *Vonnisse is gereed vir spotters,
en slae vir die rûe van dwase.

20

¹ *Die wyn is 'n spotter,
en sterk drank 'n lawaaimaker.
Elkeen wat daarvan slinger,
is nie wys nie.

² *'n Gebrul soos dié van 'n jong leeu,
so is die angs wat 'n koning veroorsaak;
wie hom kwaad maak,
stel sy lewe in gevaar.

³ *Dit is 'n eer vir 'n mens
om van 'n woordewisseling weg te bly,
maar elke sot laat 'n stryery losbreek.

⁴ *In die winter ploeg 'n luitard nie;
soek hy iets in die oestyd, is daar niks.

⁵ *Diep water is die planne

*19:28 Job 15:16; 20:12-13; Spr 18:8

*19:29 Deut 25:2; Spr 10:13; 18:6; 26:3

*20:1 Gen 9:21; Spr 23:29-35; Jes 28:7; Hos 4:11; Sir 31:25-30; Ef 5:18

*20:2 Est 7:7; Spr 16:14; 19:12; 28:15

*20:3 Gen 13:7-8; Spr 15:18; 17:14

*20:4 Spr 6:6,11; 24:27,30-34

*20:5 Spr 18:4; Sir 21:13; Joh 7:38

in die hart van 'n man,
en 'n skerpsinnige mens
sal daaruit put.

⁶* Baie mense verklaar hulle lojaliteit,
maar 'n werklik betroubare man —
wie sal hom vind?

⁷* Iemand wat onberispelik leef,
'n regverdige —
gelukkig is sy kinders wat ná hom kom!

⁸* 'n Koning wat op die regterstoel sit,
sif met sy oë al wat sleg is, uit.

⁹* Wie kan sê:
“Ek het my hart skoon gehou,
ek is rein van my sonde?”

¹⁰* Twee soorte gewigte,
twee soorte •efas —
dit is vir die HERE afstootlik.

¹¹* Reeds aan sy daade
laat 'n jong man hom ken,
of wat hy doen, suiwer en reg is.

¹²* 'n Oor wat luister en 'n oog wat sien —
die HERE het ook albei gemaak.

*20:6 Ps 12:2; 53:3-4; Jer 5:1; Luk 18:8

*20:7 Ps 112:2; 128:1-6

*20:8 1 Kon 3:28; Spr 20:26; 25:4-5

*20:9 1 Kon 8:46; 2 Kron 6:36; Ps 14:2-3; 51:6-7; Spr 30:12; Pred 7:20; Rom 3:9-12; 1 Joh 1:8-10

*20:10 Deut 25:13-16; Spr 11:1; 20:23; Miga 6:10-11

*20:11 2 Kron 34:3; Spr 21:8; 22:6; Matt 7:16

*20:12 Eks 4:11; Ps 94:9; Spr 15:31

¹³ *Moenie lief wees vir slaap nie,
anders verarm jy;
as jy jou oë oophou,
sal jy jou versadig eet aan brood.

¹⁴ “Nikswerd! Nikswerd!”
sê die koper;
maar as hy wegstap, dan spog hy.

¹⁵ *Daar is goud en 'n oorvloed aan koraal,
maar 'n kosbare versiering
is lippe met kennis.

¹⁶ w*Neem sy kleding,
want hy het borg gestaan
vir 'n vreemde,
vir 'n vreemde vrou^x —
neem 'n pand van hom!

¹⁷ *Aangenaam is vir 'n mens
die brood verkry deur bedrog,
maar daarna is sy mond vol gruis.

¹⁸ Planne kom deur beraadslaging
tot stand.

Voer oorlog met goeie leierskap!

¹⁹ Wie as 'n skindertong rondgaan,

***20:13** Spr 6:9-11; 19:15; 24:33-34

***20:15** Job 28:12-19; Spr 3:13-15; 8:10-11

w**20:16** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***20:16** Eks 22:26; Deut 24:12-13; Job 22:6; Spr 6:1-5; 11:15; 22:6; 27:13

^x**20:16** vreemde vrou: Die •Masoretiese leestradië word hier gevolg; vgl Spr 27:13.

***20:17** Spr 9:17; 10:2; Job 20:12-18

openbaar geheime;
moet dus nie betrokke wees
by iemand wat sy lippe oopsper nie.
²⁰ Wie sy vader en moeder vloek —
sy lamp word uitgedoof in diep duisternis.
²¹ 'n Erfenis aanvanklik oorhaastig verkry,
sal uiteindelik nie geseënd wees nie.

²² *Moenie sê
“Ek wil die kwaad vergeld” nie;
wag op die HERE,
sodat Hy jou help.

²³ Twee soorte gewigte
is vir die HERE afstootlik,
en 'n vals weegskaal is nie goed nie.

²⁴ Die HERE bepaal 'n man se treë;
en 'n mens, hoe sal hy dan
sy eie pad verstaan?

²⁵ Dit is 'n valstrik vir 'n mens
as hy onnadenkend sê “Heilig!”,
om dan eers ná die geloftes
daaroor na te dink.

²⁶ 'n Wyse koning sif goddeloses uit
en laat die dorswiel oor hulle loop.

²⁷ *Die asem van die mens^y

*20:22 1 Thess 5:15

*20:27 1 Kor 2:11

^y20:27 asem ... mens: Dit verwys na die “asem van lewe” wat God by die skepping in die mens ingeblaas, en so 'n lewende wese geskep het; vgl Gen 2:7. Dit word ook vertaal as “gees van die mens”.

is die HERE se lamp;
daarmee deursoek Hy
al die kamers van die binneste.

²⁸ Troue liefde en waarheid
beveilig 'n koning;
ja, met troue liefde stut hy sy troon.

²⁹ Die roem van jong manne is hulle krag,
en die luister van oumense is grys hare.

³⁰ Snye aan 'n kneuswond
suiwer die kwaad uit,
en slae die kamers van die binneste.

21

¹ *Die koning se hart is waterstrome
in die hand van die HERE:
Hy lei dit waarheen Hy wil.

² *Elke pad van 'n mens
is reg in sy eie oë,
maar die HERE toets harte.

³ *Om te doen wat reg en billik is,
is vir die HERE verkieslik bo offers.

⁴ *Hovaardige oë en 'n hoogmoedige hart —
die lamp^z van goddeloses — is sonde.

*21:1 Eks 7:3; Esra 1:1; 7:27; Spr 16:9-10; Rom 13:1-2

*21:2 1 Sam 16:7; Spr 12:15; 16:2; Luk 16:15; 1 Kor 4:4

*21:3 1 Sam 15:22; Ps 40:7-9; Jes 1:11,16-17; Miga 6:6-8; Matt 9:13

*21:4 Ps 101:5; Spr 6:16-17; 30:13; Jes 3:16; 1 Joh 2:16

^z21:4 die lamp: Baie Hebreëuse en vroeë vertalings word hier gevolg. Die
•bronteks lui “die braakland”.

- ⁵ *Die planne van 'n vlytige
strek net tot voordeel,
maar elkeen wat oorhaastig is —
dit lei net tot gebrek.
- ⁶ *Die verkryging van skatte
deur 'n vals tong
is 'n vlugtige damp —
dit is strikke van die dood.^{aa}
- ⁷ *Die gewelddade van goddeloses
sleep hulle weg,
want hulle weier om te doen wat reg is.
- ⁸ *Verdraaid is die pad
van 'n oneerlike^{bb} man,
maar 'n onbevlekte — sy optrede is reg.
- ⁹ *Om op die hoek van 'n dak te woon,
is beter as om 'n huis te deel
met 'n vrou wat gedurig kyf.
- ¹⁰ *Die sielsbegeerte van 'n goddelose
is boosheid;
in sy oë mag geen genade betoon word

***21:5** Spr 10:4; 19:2

***21:6** Spr 1:19; 10:2; 20:21; 2 Pet 2:3

^{aa}**21:6 dit ... dood:** Verskeie Hebreuse mss, die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle soek die dood”.

***21:7** Spr 5:22; 11:5; Am 5:7; Miga 3:9

***21:8** Spr 2:15; 20:11; Jes 26:7

^{bb}**21:8 oneerlike:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***21:9** Spr 19:13; 21:19; 25:24; 27:15-16; Sir 25:16-26

***21:10** Ps 52:3-5; Spr 4:16; 12:12; 14:21

aan sy medemens nie.

¹¹ *Wanneer mens 'n spotter beboet,
word 'n onverstandige wys;
en as mens 'n wyse onderrig,
aanvaar hy kennis.

¹² Die Regverdige hou
'n goddelose se huis dop;
Hy stort goddeloses in die ongeluk.

¹³ *Wie sy ore sluit
vir die hulpkreet van 'n arme,
sal self ook roep
en nie geantwoord word nie.

¹⁴ *'n Geskenk in die geheim
laat toorn bedaar,
en 'n omkoopgeskenk
uit die vou van 'n kleed,^{cc}
heftige woede.

¹⁵ *Dit is 'n vreugde vir die regverdige
wanneer reg geskied,
maar 'n verskrikking vir boosdoeners.

¹⁶ *'n Mens wat afdwaal van die pad
wat begrip kweek,

***21:11** Spr 1:5; 19:25

***21:13** Spr 14:31; Jes 1:15,17; Matt 18:30-34; Jak 2:13; 1 Joh 3:17

***21:14** Gen 32:20; Spr 17:8; 18:16

^{cc}**21:14 uit ... kleed:** Aan die voorkant van die kledingstuk, bokant die gordel, was daar gewoonlik 'n vou wat as sak gedien het en waarin iets weggesteek kon word.

***21:15** Ps 119:14,16; Spr 10:29; Rom 13:13

***21:16** Ps 49:14-15; Spr 1:32; 2:18; Eseg 18:24

sal in die samekoms van skimme^{dd}
tot rus kom.

¹⁷ *Wie van plesier hou,
se voorland is gebrek;^{ee}

wie van wyn en salfolie hou,
sal nie ryk word nie.

¹⁸ *'n Goddelose word 'n losprys
vir die regverdige,
en 'n verraderlike mens
neem die plek in van opregtes.

¹⁹ *Om in 'n woestyn te woon,
is beter as by 'n vrou wat gedurig kyf
en 'n ergernis is.

²⁰ *'n Kosbare skat en olie
is in die tuiste van 'n wyse,
maar 'n dwase mens verslind syne.

²¹ *Wie geregtigheid en troue liefde
najaag,
vind lewe, geregtigheid en eer.

²² *'n Wyse kan optrek
teen 'n stad met helde,
en die versterkings laat tuimel

^{dd}**21:16 samekoms van skimme:** Dit verwys na die •doderyk.

***21:17** Spr 23:20-21,29-35; Pred 2:1-3

^{ee}**21:17 se ... gebrek:** Letterlik 'is 'n man van gebrek'.

***21:18** Spr 11:8; Jes 43:3; Luk 1:52-53

***21:19** Spr 21:9

***21:20** Ps 112:3; Spr 8:21; 15:6; Matt 25:1-13; Luk 15:13-14

***21:21** Spr 3:3,16; 15:9; Matt 5:6; Rom 2:7; 1 Kor 15:58

***21:22** 2 Sam 5:6-9; Spr 24:5; Pred 7:19; 9:13-18

waarop die stad vertrou.

²³ *Wie sy mond en tong bewaar,
bewaar sy lewe van benoudhede.

²⁴ *'n Vermeteले, aanmatigende mens
— Spotter is sy naam —
tree met matelose verwaandheid op.

²⁵ *Die begeerte van 'n luiaard
sal hom sy dood kos,
want sy hande weier om iets te doen.

²⁶ *Die hele dag sal hy brand van begeerte,
terwyl 'n regverdige sal gee
en nie terughou nie.

²⁷ *Die offer van goddeloses is afstootlik,
hoeveel te meer as dit gebring word
met 'n veragtelike bedoeling!

²⁸ *'n Leuenagtige getuie gaan ten gronde,
maar iemand wat luister,
mag altyd praat.

²⁹ *'n Goddelose mens
sit 'n brutale gesig op,
maar 'n opregte,

*21:23 Ps 141:3; Spr 12:13; 13:3; Jak 3:2

*21:24 Ps 1:1; Spr 1:22; 30:13; Hab 2:5

*21:25 Spr 10:4; 13:4; 19:15,24

*21:26 Ps 37:26; Ps 112:5,9; Spr 11:24-25; Matt 5:42; Ef 4:28

*21:27 Spr 15:8; Jes 66:3; Am 5:22; Sir 7:9; 34:18-20; Joh 9:31

*21:28 Spr 17:20; 19:5,9; Matt 26:59-61

*21:29 Ps 119:5-6; Spr 4:25-27; 11:5

hy slaan ag op wat hy doen.^{ff}

³⁰ *Geen wysheid, geen verstandigheid,
ja, geen raad hou stand teen die HERE nie.

³¹ *'n Perd kan afgerig word
vir die dag van 'n geveg,
maar die oorwinning is van die HERE.

22

¹ *'n Goeie naam is verkieslik
bo groot rykdom,
egte innemendheid
bo silwer en goud.

² *Rykes en armes het dít gemeen:
Die HERE het hulle almal gemaak.

³ *'n Slim mens sien gevaar en skuil,
maar onverstandiges gaan voort
en betaal die prys.

⁴ *Die beloning vir nederigheid
en ontsag vir die HERE
is rykdom, eer en lewe.

⁵ *Dorings en wippe is op die pad

^{ff}**21:29 slaan ... doen:** Die •Masoretiese leestradisie word hier gevolg. Die ongevokaliseerde teks lui “bevestig sy pad”.

***21:30** Job 5:13; Ps 33:10-11; Spr 19:21; Hand 5:38-39; 1 Kor 3:19-20

***21:31** Ps 20:8; 33:17; Jes 31:1; 1 Kor 15:57

***22:1** Spr 8:10; 10:7; 11:11; Pred 7:1; Sir 41:12

***22:2** Job 31:13-15; 34:19; Spr 14:31; 29:13; Wys 6:7; Matt 5:45; Jak 2:2-4

***22:3** Eks 9:20-21; Spr 14:6; 27:12

***22:4** Spr 10:27; 15:33; 21:20-21

***22:5** Spr 7:23; 15:19; 16:17

van 'n vals persoon;
wie sy lewe wil beskerm,
bly ver daarvan weg.

⁶* Rig die jongmens af ooreenkomstig
die pad wat hy moet loop;
selfs wanneer hy oud geword het,
sal hy nie daarvan afwyk nie.

⁷* 'n Ryke heers oor armes,
en wie leen, is 'n slaaf
van die man wat uitleen.

⁸* Wie onreg saai, sal boosheid oes,
en die lat van sy woede
sal tot niet gaan.

⁹* Wie ruimhartig^{gg} is, sal geseën word,
want hy gee van sy brood
aan die hulpelose.

¹⁰* Dryf 'n spotter weg,
dan is stryd by die deur uit,
en eise en skandalige optrede hou op.

¹¹* Wie 'n rein hart liefhet,
wie innemend praat,
sal 'n koning as sy vriend hê.

*22:6 Deut 6:7; Sir 6:18; 7:23; Ef 6:4; 2 Tim 3:15

*22:7 Neh 5:4-5; Spr 18:23; Am 4:1; Matt 18:25; Jak 2:6

*22:8 Job 4:8-9; Hos 8:7; 10:13-14; Sir 7:3; Gal 6:7-8

*22:9 Ps 112:9; Spr 19:17; 28:27; Sir 31:23; Luk 14:13-14; 2 Kor 9:6-7

^{gg}22:9 ruimhartig: Die Hebreuse idioom kan vertaal word as “goed van oog”.

*22:10 Gen 21:9-10; Ps 101:5; Spr 18:6; 20:3; 26:20

*22:11 Ps 101:6; Spr 14:35; 16:13; Matt 5:8; Kol 4:6

¹²* Die oë van die HERE bewaak kennis,
en die sake van 'n bedrieër
werp Hy omver.

¹³* Die luitaard sê:
“Daar is 'n leeu buite!
Binne-in die dorpspleine
sal ek doodgemaak word!”

¹⁴* Die mond van vreemde vroue
is 'n diep vangkuil;
wie deur die HERE verdoem is,
sal daarin val.

¹⁵* Sotheid wat vas is aan die hart
van 'n jong seun —
'n lat wat straf,
neem dit ver van hom weg.

¹⁶* Wie 'n arm mens uitbuit
om vir homself meer te kry,
en aan 'n ryk mens geskenke^{hh} gee —
dit lei net tot gebrek.

Dertig spreuke van wyses

¹⁷* Spits jou oor en luister

***22:12** Job 5:12; Spr 11:3

***22:13** Spr 26:13

***22:14** Spr 2:16-19; 5:3-6; 6:24; 7:21; Pred 7:26

***22:15** Spr 13:24; 20:30; 23:13-14; 29:15,17

***22:16** Spr 28:3,8,22

^{hh}**22:16 geskenke:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***22:17-21** Spr 1:6,23; 5:1; 8:6; 23:12; Luk 1:3-4

na die woorde van wyses!
En jou hart, stel dit in op my kennis!

¹⁸ Want dit is aangenaam
as jy dit in jou binneste bewaar,
as dit alles gereed lê op jou lippe.

¹⁹ Met die oog daarop dat jou vertrouwe
op die HERE sal wees,
maak ek dit vandag aan jou bekend,
ja, aan jou.

²⁰ Het ek nie vir jou dertig spreuke
opgeskryf met raad en kennis

²¹ om aan jou die waarheid,
betroubare woorde, bekend te maak,
sodat jy betroubare antwoorde kan gee
aan dié wat jou gestuur het nie?

²² * Moenie 'n arme beroof
omdat hy arm is nie,
en moenie die magtelose vertrap
in die poort nie,

²³ want die HERE sal hulle regstryd voer
en van hulle plunderaars die lewe plunder.

²⁴ * Moenie vriende maak
met 'n humeurige mens nie,
en met 'n opvlieënde man

* **22:22-23** Eks 22:22-23; 23:6-7; Ps 12:6; 140:13; Spr 22:16; 23:10-11; Sag 7:10;
Mal 3:5

* **22:24-25** Spr 13:20; 15:18; 16:29; 29:22; Sir 8:15-16; 1 Kor 15:33

moet jy nie saamgaan nie;
²⁵ anders raak jy vertrou met sy paaie
en stel jy só 'n valstrik vir jouself.

²⁶ *Moenie onder dié wees
wat hand gee,ⁱⁱ
wat vir skulde borg staan nie.

²⁷ As jy dalk niks het om te betaal nie,
waarom moet iemand jou bed
onder jou uit neem?

²⁸ *Moenie ou grense verskuif
wat jou voorouers gelê het nie.

²⁹ *Sien jy 'n man wat knap is in sy werk?
Voor konings sal hy in diens staan;
hy sal nie in diens
van onaansienlikes staan nie.

23

¹ *Wanneer jy gaan sit
om saam met 'n heerser te eet,
wees besonder bedag op wie^{ij} voor jou is.

*22:26-27 Spr 6:1-5; 11:15; 17:18; Sir 29:14-20

ⁱⁱ22:26 hand gee: Letterlik 'hand klap'. By die sluit van 'n ooreenkoms om as borg op te tree, het die twee partye mekaar se hande geklap of geskud.

*22:28 Deut 19:14; 27:17; Job 24:2; Spr 23:10-11; Jes 5:8; Hos 5:10

*22:29 Gen 41:38-40; 1 Kon 11:28; Esra 7:6; Spr 14:35

*23:1-3 Spr 23:6-8; Dan 1:5,8,13,15-16; Sir 31:12-21; 37:29

^{ij}23:1 wie: Word ook vertaal as "wat".

² Sit 'n mes teen jou keel
as jy 'n groot eetlus het.

³ Moenie sy lekkernye begeer nie,
want dit is misleidende kos.

⁴ *Moet jou nie afsloof
om ryk te word nie,
jy behoort van beter te weet —
hou op daarmee!

⁵ Sou jy jou oë net daarop rig?^{kk}
Dit is reeds weg!
Want dit kry beslis vlerke;
soos 'n arend vlieg dit weg in die lug.

⁶ *Moenie die brood van 'n gierigaard
eet nie,
en moenie sy lekkernye begeer nie.

⁷ Want in sy binneste maak hy somme;
dit is hoe hy is.^{ll}

“Eet en drink!” sê hy vir jou,
maar sy hart is nie by jou nie.

⁸ Jou krieseltjie wat jy geëet het —
jy gaan dit opgooi,

***23:4-5** Spr 27:24; 28:22; Matt 6:19; 1 Tim 6:9-10; Heb 13:5

^{kk}**23:5** net ... rig: Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “daarop laat afvlieg”.

***23:6-8** Ps 141:4; Spr 26:23-25; 28:22; Jer 12:6; Sir 14:10; Matt 6:22-23; Luk 12:34

^{ll}**23:7** Want ... is: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

en jou aangename woorde
het jy dan verspil.

⁹ * Moenie direk met 'n dwaas praat nie,
want jou verstandige woorde
sal hy met minagting bejeën.

¹⁰ * Moenie ou grense verskuif nie,
en in die landerye van vaderloses
moet jy nie kom nie.

¹¹ Want hulle Verlosser is sterk;
Hy sal hulle regstryd teen jou voer.

¹² * Rig jou hart op vermaning,
en jou oor op woorde van wysheid.

¹³ * Moenie straf van 'n jong seun
weerhou nie;
as jy hom met 'n lat slaan,
sal hy nie doodgaan nie.

¹⁴ Jy slaan hom wel met 'n lat,
maar jy red sy lewe van die doderyk.

¹⁵ * My seun, as jou hart wys is,
is ook my hart verheug.

* **23:9** Spr 1:7; 9:7-8; 26:4; Matt 7:6

* **23:10-11** Eks 22:22-24; Job 19:25; Ps 10:17-18; Spr 22:22-23,28; Jer 7:6; 50:34;
Sag 7:10

* **23:12** Spr 1:8; 2:1-2; 22:17-18

* **23:13-14** Spr 13:24; 19:18; 22:25; 29:15,17; Sir 30:1-13

* **23:15-16** Spr 10:1; 15:20; 29:3; 3 Joh vs 4

¹⁶ My binneste^{mm} sal jubel
wanneer jou lippe praat wat reg is.

¹⁷ * Jou hart moet nie opgewonde raak
oor sondaars nie,
maar wees die hele tyd opgewonde
oor ontsag vir die HERE.

¹⁸ Daar is beslis 'n toekoms,
en jou hoop sal nie verydel word nie.

¹⁹ * As jy luister, my seun,
sal jy wys word
en sal jy jou hart op die regte pad lei.

²⁰ Moet jou nie met die wynvlieë
ophou nie,
met dié wat hulle aan vleis ooreet nie.

²¹ Want 'n dronklap en 'n vraat sal verarm,
en lomerigheid laat mens vodde dra.

²² * Luister na jou vader,
hy wat jou verwek het;
en moet jou moeder nie minag
wanneer sy oud geword het nie.

^{mm}**23:16 My binneste:** Letterlik 'my niere'.

* **23:17-18** Ps 37:1-6; 58:11-12; 73:1-28; Spr 10:28; 24:1,19-20; Pred 12:14; Jer 29:11; Luk 6:25

* **23:19-21** Deut 21:20; Spr 1:8; 20:1; 21:17; 28:7; Jes 5:11,22; Sir 18:33; Luk 21:34; Rom 13:13; Ef 5:18

* **23:22-25** Eks 20:12; Lev 19:32; Spr 1:8; 4:5-7; 10:1; 23:15-16; 27:11; Sir 3:1-16; Matt 15:4; Ef 6:1

²³ Verkry waarheid,
en moet dit nie verkwansel nie,
ook wysheid, vermaning en insig.

²⁴ Die vader van 'n regverdige
jubel uitbundig;

wie 'n wyse seun verwek,
sal oor hom verheug wees.

²⁵ Mag jou vader en moeder
blydskap ervaar;
mag sy wat jou in die wêreld gebring het,
jubel.

²⁶ *Gee my jou hart, my seun,
en laat jou oë my paaie dophou;

²⁷ want 'n prostituut is 'n diep vangkuil,
en 'n vreemde vrou is 'n nou put.

²⁸ Ook sy lê 'n manⁿⁿ voor soos 'n rower;
sy maak die ontroues onder mense meer.

²⁹ *By wie is daar smart?

By wie is daar ellende?

By wie is daar 'n gekyf?

By wie is daar klagtes?

By wie is daar onnodige wonde?

*23:26-28 Spr 5:1-6; 7:5-27; 22:14; Pred 7:26

ⁿⁿ23:28 'n man: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*23:29-35 Spr 20:1; 23:20-21; 31:6-7; Pred 2:3; Jes 5:11; 56:12; Ef 5:18

By wie is daar bloedbelope oë?^{oo}

³⁰ Dit is by hulle wat agterbly by die wyn,
by hulle wat ingaan
om gemengde wyn te bly proe.

³¹ Moenie na wyn kyk
wanneer dit rooi skyn,
sy glans in die beker gee nie —
dit vloei te glad af!

³² Agterna pik dit soos 'n slang
en spuit gif soos 'n kobra.

³³ Dan sien jou oë vreemde goed,
en jou hart praat perverse dinge.

³⁴ Jy sal wees soos een wat lê
op die oop see,^{pp}
soos een wat lê
op die top van 'n skip se takelwerk.

³⁵ Jy sal dink:^{qq}
Hulle het my geslaan,
maar ek het geen pyn gevoel nie;
hulle het my afgeransel,
maar ek het niks gemerk nie.
Wanneer word ek wakker?
Ek wil dit weer gaan soek.

^{oo}**23:29 bloedbelope oë:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal as “dowwe oë”.

^{pp}**23:34 die oop see:** Letterlik ‘die hart van die see’.

^{qq}**23:35 Jy sal dink:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

24

¹ *Moenie slegte mense beny nie,
en begeer nie om by hulle te wees nie;
² want hulle harte oorpeins verwoesting,
en hulle lippe praat
oor die aanrig van skade.

³ *Deur wysheid word 'n huis gebou,
en deur verstandigheid word dit gevestig.
⁴ Deur kennis word kamers gevul
met allerlei kosbare en lieflike dinge.

⁵ *'n Wyse man het mag,
en 'n man met kennis
maak krag meer doeltreffend.
⁶ Want deur goeie leierskap
kan jy oorlog voer,
en oorwinning kom deur baie raadgewers.

⁷ *Wysheid is onbereikbaar vir 'n sot;
in die stadspoort
maak hy sy mond nie oop nie.

*24:1-2 Ps 10:7; 37:1-6; 73:1-28; Spr 1:10-11; 3:31-32; 4:14-17; 23:17; 24:19-20;
Jes 30:12

*24:3-4 Spr 8:18,21; 9:1; 14:1; 1 Kor 3:10

*24:5-6 Spr 11:14; 20:18; 21:22; Pred 9:16; Luk 14:31

*24:7 Ps 10:5; Spr 14:6; 17:7,16; 28:5

⁸*Wie planne beraam om kwaad te doen,
word 'n aartsknoeier genoem.

⁹'n Sotlike plan is sonde,
en 'n spotter is vir 'n mens afstootlik.

¹⁰*Gedra jy jou lafhartig
in 'n tyd van nood,
dan is jou krag beperk.

¹¹*Red hulle wat weggeneem word
na die dood,
dié wat na die slagplek strompel —
moenie terughou nie!

¹²As jy sê,
‘Kyk, ons het dit nie geweet nie!’,
sal Hy wat harte beoordeel,
sal Hy nie daaraan aandag gee nie?
En Hy wat jou lewe beskerm,
sal Hy dit nie weet nie?
Hy sal 'n mens vergeld
ooreenkomstig sy dade.

¹³*My seun, eet heuning,
want dit is goed,

*24:8-9 Spr 6:14,18; 14:22; Rom 1:30

*24:10 Deut 20:8; Ps 20:2; Jer 51:46; Heb 12:3

*24:11-12 1 Sam 16:7; Job 34:11; Ps 82:4; Spr 16:2; 21:2; Jes 58:6-7; Sir 16:12;
Matt 16:27; Luk 16:15; Rom 2:6; 1 Joh 3:16; Op 20:12

*24:13-14 Ps 19:10-11; 119:103; Spr 16:24; 23:17-19; 25:16,27

en heuningkoek is soet in jou mond.^{rr}

¹⁴ Besef dan, só is wysheid vir jou lewe —
as jy dit vind, is daar 'n toekoms,
en jou hoop sal nie verydel word nie.

¹⁵ *Moenie soos 'n goddelose
die tuiste van 'n regverdige dophou nie;
moenie sy rusplek verwoes nie.

¹⁶ Want 'n regverdige sal sewe keer val
en opstaan,
maar goddeloses kom tot 'n val
deur teenspoed.

¹⁷ *Wanneer jou vyand val,
moet jou nie verheug nie;
wanneer hy tot 'n val kom,
laat jou hart nie jubel nie.

¹⁸ Anders sien die HERE dit,
en is dit verkeerd in sy oë;
dalk wend Hy sy toorn van hom af.

¹⁹ *Moet jou nie ontstel
oor kwaaddoeners nie;
moet goddeloses nie beny nie.

²⁰ Want daar is nie 'n toekoms

^{rr}**24:13 in jou mond:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word as “teen jou verhemelte”.

***24:15-16** Job 5:19; Ps 10:9-10; 34:20; 37:24; Spr 6:15; 14:32; Miga 7:8

***24:17-18** Job 31:29; Spr 17:5; Ob vs 12; Miga 7:8

***24:19-20** Job 21:17; Ps 37:1-2,8-10; Spr 13:9; 23:17-18; Sir 12:6

vir slegte mense nie;
die lamp van goddelose mense
word uitgedoof.

²¹ * Jy moet ontsag hê
vir die HERE, my seun,
en vir die koning;
met hulle wat andersgesind is,
moet jy jou nie inlaat nie.
²² Want onverwags tref teenspoed hulle,
en wie weet watter ramp
die HERE en die koning^{ss} kan bring?

Ander spreuke van wyses

²³ * Ook hierdie spreuke is van die wyses:
Om partydig te wees in regspraak
is nie goed nie.
²⁴ Wie vir 'n goddelose sê,
“Jy is regverdig” —
volke sal hom vervloek,
nasies sal hom verdoem.
²⁵ Maar dit gaan goed
met dié wat 'n goddelose^{tt} skuldig vind;
oor hulle kom die seën van voorspoed.

* **24:21-22** Pred 8:2,7; Matt 22:21; Rom 13:1-3; 1 Pet 2:17

^{ss} **24:22 die HERE ... koning:** Die •bronteks lui “hulle twee”.

* **24:23-26** Lev 19:15; Deut 1:17; Ps 72:2; Spr 18:5; 28:21; Jes 5:23; Jer 22:16; Sir 42:1; Matt 22:16; Joh 7:24

^{tt} **24:25 'n goddelose:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

²⁶ Wie eerlike antwoorde gee,
is soos 'n soen op die lippe.

²⁷ *Doen jou werk buite bestendig,
en handel jou werk op jou land af;
bou dan daarna jou huis.

²⁸ *Moenie sonder gronde as getuie optree
teen jou medemens nie!
Sal jy met jou lippe mislei?

²⁹ Moet dít nie sê nie:
“Soos hy aan my gedoen het,
sal ek aan hom doen;
ek gaan die man vergeld
ooreenkomstig sy optrede.”

³⁰ *By die land van 'n lui mens
het ek verbygeloop,
en by die wingerd
van 'n mens sonder verstand.

³¹ Kyk, dit was heeltemal toegegroeï
onder brandnetels,
die grond was oortrek met onkruid,
en sy klipmuur was afgebreek.

³² Ek het dit bekyk en ter harte geneem;

*24:27 Spr 20:4; 27:23-27; Pred 3:1-2; Luk 14:28

*24:28-29 Eks 20:16; Deut 5:20; Spr 19:5; 20:22; 25:18,21; Matt 5:38-44; Rom 12:17-19; Ef 4:25

*24:30-34 Spr 13:4; 15:19; 28:19; Pred 10:18; Heb 6:8

ek het dit gesien

en as 'n vermaning aanvaar:

³³ *'n Bietjie slaap, 'n bietjie insluimer,

'n bietjie hande vou om te rus;

³⁴ dan kom, soos 'n rondloper,

jou armoede daar aan,^{uu}

jou gebrek soos 'n skaamtelose man.^{vv}

25

Meer spreuke van Salomo

¹ * Ook hierdie spreuke is van Salomo;

die manne van Hiskia,^{ww}

die koning van Juda,

het dit oorgelewer.

² * Dit is tot die eer van God

om 'n saak te verberg;

en dit is tot die eer van konings

om 'n saak te deurvors.

³ Soos die hoogte van die hemel

en die diepte van die aarde,

* **24:33-34** Spr 6:10-11

^{uu} **24:34 dan ... aan:** Talle Hebreeuse manuskripte en die •Vulgaat word hier gevolg; vgl 6:11. Die bronteks lui “dan kom aangeloo jou armoede”.

^{vv} **24:34 skaamtelose man:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* **25:1** 1 Kon 4:32; 2 Kon 18:1 — 20:21; Spr 1:1; 10:1

^{ww} **25:1 spreuke ... Hiskia:** Hierdie versameling spreuke loop deur tot by Spr 29:27.

* **25:2-3** Deut 29:29; 1 Kon 3:16-28; Spr 16:10-15; Pred 1:13; 8:16-17; Rom 11:33

is die hart van konings ondeurgrondelik.

⁴* Verwyder die metaalskuim uit silwer,
dan kom daar reeds 'n kruik uit
vir die silwersmid.

⁵ Verwyder 'n goddelose voor die koning,
dan is sy troon reeds
in geregtigheid gevestig.

⁶* Moenie grootpraat voor die koning,
en moenie gaan staan
op die plek van grotes nie.

⁷ Want dit is beter dat vir jou gesê word
“Kom op hierheen!”
as dat jy verneder word
voor 'n vooraanstaande.

Wat jou oë gesien het,
⁸* moet jy nie haastig
voor die gereg bring nie;
wat sal jy uiteindelik doen
as jou medemens jou verneder?

⁹ Voer jou regstryd teen jou medemens,
maar iemand anders se geheim
moet jy nie openbaar nie;

¹⁰ anders sal hy wat dit hoor,
jou in die skande steek,
en die skinderstories oor jou
nie ophou nie.

*25:4-5 Spr 16:12; 20:8; Eseg 22:18; Mal 3:2-3; 2 Tim 2:20-21

*25:6-7 2 Sam 14:24,28; Spr 22:29; Sir 7:4; 13:9-10; Luk 14:7-11

*25:8-10 Spr 11:13; 17:9; Sir 27:16; Matt 5:25-26; 18:15-17; Luk 12:58; 1 Kor 6:7

¹¹ *Goue appels in silwer monterings,
so is 'n woord uitgespreek
op die gepaste tyd.

¹² 'n Goue ring en 'n sieraad van fyngoud,
so is 'n wyse teregwysers
vir die oor wat luister.

¹³ *Soos die afkoeling deur sneeu
op 'n oesdag
is 'n betroubare boodskapper
vir die een wat hom gestuur het;
hy verkwik die gemoed van sy heer.

¹⁴ Stapelwolke en wind sonder enige reën,
so is 'n man wat spog
oor 'n geskenk waarvoor hy lieg.

¹⁵ *Met geduld
word 'n aanvoerder oorreed,
en 'n sagte tong breek gebeentes.

¹⁶ *As jy heuning vind,
eet net tot jy genoeg het,
anders kry jy te veel daarvan in
en bring dit op.

¹⁷ Sit jou voet selde
in jou medemens se huis,
anders kry hy te veel van jou
en ontwikkel 'n weersin in jou.

*25:11-12 Spr 1:9; 8:10; 15:23,31

*25:13-14 Spr 10:26; 13:17; 25:25; Jud vs 12

*25:15 Gen 32:4; Spr 15:1,4; 16:32; Pred 10:4

*25:16-17 Spr 23:28; 24:13; 25:27; 27:27

¹⁸ *'n Hamer en 'n swaard en 'n skerp pyl,
so is iemand wat as 'n vals getuie
teen sy medemens getuig.

¹⁹ 'n Tand wat breek en 'n voet wat swik,
so is vertrouwe op 'n verraderlike mens
in 'n tyd van nood.

²⁰ Soos hy wat op 'n koue dag
klere uittrek, of asyn op soda gooi,
so is iemand wat liedere sing
vir 'n treurige hart.

²¹ * As jou vyand honger is,
gee hom brood om te eet,
en as hy dors is,
gee hom water om te drink;

²² want jy stapel^{xx} gloeiende kole
op sy kop,^{yy}
en die HERE sal jou beloon.

²³ * Die noordewind bring reën,
en 'n tong wat skinder, woedende gesigte.

* **25:18-20** Eks 20:16; 2 Kon 18:21; Job 6:14-20; Ps 57:5; Spr 12:18; 24:28; Jes 36:6; Sir 22:6; Rom 12:15; 2 Tim 4:16

* **25:21-22** Eks 23:4-5; 2 Kron 28:15; Spr 24:29; Matt 5:44; Luk 6:27-28,35; Rom 12:20

^{xx}**25:22 stapel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Die woord dui gewoonlik op 'wegneem'; vgl egter Rom 12:20.

^{yy}**25:22 jy ... kop:** Kan ook vertaal word as "jy neem gloeiende kole weg (wat) op sy kop (is)". In Assirië is gloeiende kole op die kop gegooi as straf, en in Arabië was dit 'n vorm van doodstraf.

* **25:23** Job 37:9; Ps 101:5; Spr 10:18; Luk 12:54

²⁴ *Om op die hoek van 'n dak te woon,
is beter as om 'n huis te deel

met 'n vrou wat gedurig rusie maak.

²⁵ *Koel water in 'n dorstige keel,
so is goeie nuus uit 'n ver land.

²⁶ 'n Modderige fontein,
'n besoedelde bron,
so is 'n regverdige
wat swig voor 'n goddelose.

²⁷ *Om te veel heuning te eet,
is nie goed nie,
en die soeke na eie eer is oneervol.^{zz}

²⁸ *'n Stad wat deurbreek is,
sonder 'n stadsmuur,
so is iemand sonder selfbeheersing.

26

¹ *Soos sneeu in die somer
en reën in die oestyd,
so is eer nie gepas vir 'n dwaas nie.

² Soos 'n voëltjie rondfladder,
soos 'n swaeltjie wegvlieg,
so is 'n onverdiende vervloeking —

*25:24 Spr 17:1; 19:13; 21:9; 27:15

*25:25-26 Gen 45:27; Deut 13:6-8; Spr 15:30; 25:13; Gal 2:4-5

*25:27 Spr 25:16; 27:2; Sir 3:21; Matt 23:12; Luk 14:7-11

^{zz}25:27 die ... oneervol: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

*25:28 2 Kron 36:19; Spr 16:32; 29:11

*26:1-2 Num 23:8; Deut 23:5; 1 Sam 12:17-18; Ps 109:28; Spr 10:5-7; 19:10

daar kom niks van nie.

³ *'n Sweep is vir 'n perd,
'n toom vir 'n donkie,
en 'n lat is vir die rug van dwase.

⁴ Moenie 'n dwaas antwoord
in ooreenstemming met sy sotheid nie,
anders word jy ook dieselfde as hy.

⁵ Antwoord 'n dwaas
in ooreenstemming met sy sotheid,
anders is hy wys in sy eie oë.

⁶ *Iemand wat sy eie voete afkap,
geweld indrink,
is hy wat boodskappe stuur met 'n dwaas.

⁷ *Die bene van 'n verlamde hang slap,
so is 'n spreuk in die mond van dwase.

⁸ *Soos om 'n klip
in 'n slingervel vas te bind,
so is hy wat aan 'n dwaas eer bewys.

⁹ 'n Doring wat in 'n dronk mens
se hand gesteek het,
so is 'n spreuk in die mond van dwase.

¹⁰ *'n Boogskutter wat alles wond,
so is hy wat 'n dwaas huur,

*26:3-5 Ps 32:9; Spr 10:13; 19:29; Sir 22:13; 33:25; Matt 7:6; 23:16-22; Rom 12:16

*26:6 Spr 10:26; 13:17

*26:7,9 Spr 17:7; 23:35; Sir 15:9

*26:8 Spr 10:16; 19:10; 30:21-22

*26:10 Spr 26:6,18

wat verbygangers huur.

¹¹ *Soos 'n hond wat terugkeer

na sy braaksel,

so is 'n dwaas wat sy sotheid herhaal.

¹² Sien jy 'n mens wat wys is in sy eie oë?

Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom.

¹³ *Die lusiaard sê:

“Daar is 'n jong leeu in die pad,

'n leeu êrens tussen die dorpspleine!”

¹⁴ 'n Deur draai op sy skarnier

en 'n lusiaard op sy bed.

¹⁵ 'n Lusiaard steek sy hand in die skottel,

maar hy is te moeg

om dit na sy mond terug te bring.

¹⁶ 'n Lusiaard is in sy eie oë wyser

as sewe mense wat sinvol antwoord.

¹⁷ *Iemand wat 'n hond aan sy ore gryp,

so is 'n verbyganger wat hom vererg

oor 'n geskil wat hom nie aangaan nie.

¹⁸ *Soos 'n waansinnige wat brandpyle,

dodelike pyle, rondskiet,

¹⁹ so is iemand wat sy vriend bedrieg

en dan sê:

“Ek het maar net 'n grap gemaak.”

*26:11-12 Eks 8:15; Spr 3:7; 12:15; 29:20; Jes 5:21; Rom 12:16; 2 Pet 2:22

*26:13-16 Spr 6:6-11; 10:18; 19:15,24; 22:13; 26:12

*26:17 Spr 20:3; 1 Pet 4:15

*26:18-19 Jes 50:11; Spr 6:12-14; 10:23; 24:28; 26:10; Ef 5:4

²⁰ *Sonder hout gaan 'n vuur dood,
en in die afwesigheid van 'n kwaadstoker
raak 'n stryery stil.

²¹ Gloeiende kole vir houtskool,
hout vir 'n vuur,
dit is 'n twissieke man
by die aanblaas van 'n geskil.

²² Die woorde van 'n kwaadstoker
is soos lekkernye;
dit gaan af na die binneste
van die liggaam.

²³ *Soos glasuur^a
wat op 'n potskerf aangebring is,
so is vurige lippe en 'n bouse hart.

²⁴ *Met sy lippe verbloem 'n hater hom,
maar in sy binneste huisves hy bedrog.

²⁵ As hy sy stem innemend maak,
moet jy hom nie vertrou nie;
want daar is sewe afskuwelikhede
in sy hart.

²⁶ Al word sy haat
deur misleiding verberg,
sy boosheid sal in die byeenkoms
onthul word.

*26:20-22 Spr 15:18; 16:28; 18:6-8; 22:10; 29:22; 30:33; Sir 28:10-12

*26:23 Matt 23:25-28; Luk 11:39

^a26:23 Soos glasuur: Die ongevokaliseerde Hebreeuse teks word hier gevolg. Die
•Masoretiese leestradië luy “die silwer van metaalskuim”.

*26:24-26 Ps 28:3; Spr 6:12-15; 10:18; 27:6; Jer 9:8

²⁷ *Wie 'n vanggat grawe,
val self daarin,
en wie 'n klip rol,
na hom kom dit terug.
²⁸ *'n Vals tong haat hulle
wat hy verpletter het,
en 'n gladde mond bewerk 'n ramp.

27

¹ *Moenie spog oor die dag van môre nie,
want jy weet nie
wat die dag sal oplewer nie.
² *Laat 'n buitestander jou prys,
en nie jou eie mond nie,
'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.
³ *'n Klip is swaar en sand het gewig,
maar teistering deur 'n sot
is swaarder as albei.
⁴ *Woede is wreed en toorn oorweldigend,
maar wie kan staande bly voor jaloesie?
⁵ *'n Openlike teregwysing
is beter as liefde in die geheim.

*26:27 Est 7:10; Ps 7:16-17; Spr 28:10; Pred 10:8; Sir 27:25-27; Matt 26:52

*26:28 Ps 12:3; Spr 2:16; 29:5

*27:1 Spr 19:21; Luk 12:19-20; 2 Kor 10:12; Jak 4:13-14

*27:2 Spr 25:27; 2 Kor 10:12-13,18; 12:11

*27:3 Spr 17:12; Sir 22:14-15

*27:4 Num 5:14; 1 Sam 18:9; Spr 6:34; 1 Joh 3:12

*27:5 Lev 19:17; Spr 28:23; Gal 2:14

⁶ *Die wonde deur 'n geliefde toegedien
word opreg bedoel,
maar oordrewe is die soene
van iemand wat haat.

⁷ *'n Persoon wat versadig is,
vertrap 'n heuningkoek,
maar vir 'n honger persoon
is alles wat bitter is, soet.

⁸ *Soos 'n voël wat rondswerf
weg van sy nes af,
so is iemand wat rondswerf
ver van sy woonplek af.

⁹ *Olie en wierook maak die hart bly,
maar die gemoed word uitmekaargeskeur
deur teenspoed.^b

¹⁰ *Jou vriend en die vriend van jou vader
moet jy nie verlaat nie,
en in die huis van jou broer
moet jy nie kom
op die dag van jou teenspoed nie;
'n buurman wat naby is,
is beter as 'n broer wat ver is.

*27:6 Ps 141:5; Matt 26:49; Luk 22:48

*27:7 Spr 25:16; Luk 15:16

*27:8 Jes 16:2

*27:9 Spr 11:14; 16:24

^b27:9 maar ... teenspoed: Die •Septuagint word hier gevolg. Letterlik 'en die soetheid van sy vriend is vanuit die raad van 'n persoon/siel'.

*27:10 Spr 17:17; 18:24

¹¹ *Wees wys, my seun,
en maak my hart bly,
sodat ek die een wat my beledig,
'n antwoord kan gee.

¹² *'n Slim mens sien gevaar
en soek skuiling,
maar onervarenes gaan voort
en moet die prys betaal:

¹³ *"Neem sy kleeed,
want hy het borg gestaan
vir 'n vreemde, vir 'n vreemde vrou —
neem 'n pand van hom!"

¹⁴ Wie sy vriend luidrugtig seën toewens
in die vroeë oggend —
dit sal hom as 'n vervloeking
toegereken word.

¹⁵ *'n Lekkende dak wat aanhou drup
op 'n dag van stortreën,
en 'n vrou wat rusie maak,
is presies dieselfde.

¹⁶ Wie aan haar skuiling bied,
bied aan die wind skuiling,
en sy regterhand vat in olyfolie.

*27:11 Ps 119:42; Spr 10:1; 23:34-35

*27:12 Spr 22:3

*27:13 Spr 6:1-5; 11:15; 20:16

*27:15-16 Spr 19:13; 21:9; 25:24

¹⁷ cYster slyp yster,

en een mens slyp

die aard van 'n ander.

¹⁸ *Wie 'n vyeboom versorg,

sal sy vrugte eet,

en wie na sy meerdere omsien,

sal geëer word.

¹⁹ *Soos water 'n gesig weerspieël,

so weerspieël die hart van 'n mens hom.

²⁰ *Die •doderyk en die onderwêreld

word nie versadig nie,

en die oë van 'n mens

word ook nie versadig nie.

²¹ *'n Smeltkroes toets silwer,

en 'n smeltoondjie goud,

so word 'n man beoordeel

volgens sy aansien.

²² *Selfs as jy 'n sot tussen garskorrels

in 'n stampblok stamp met 'n stamper,

sal sy sotheid nie van hom wyk nie.

²³ *Let goed op die voorkoms

^c27:17 Die •Vulgaat en •Targum word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradiësie lui “Yster is saam met yster, en een (mens) is dit eens met die aard van 'n ander.”

*27:18 2 Kon 18:31; Est 6:11; 1 Kor 9:7; 1 Tim 2:6

*27:19 Sir 34:4

*27:20 Spr 30:15-16; Pred 1:8; 4:8; Hab 2:5; Sir 14:9; 1 Joh 2:16

*27:21 Spr 16:2; 17:3; Luk 6:26

*27:22 Spr 23:35; 26:11; Jer 5:3

*27:23-27 1 Sam 13:14; Ps 104:14-15; 147:8; Spr 12:10-11; 23:4-5; Sir 7:22; 1

Tim 6:8

van jou kleinvee;
gee aandag aan jou veetroppe,
²⁴ want rykdom hou nie vir altyd nie.
Of sal 'n kroon altyd daar wees
van geslag tot geslag?
²⁵ Wanneer die hooi verwyder is,
die jong gras verskyn,
en die voer uit die heuwels versamel is,
²⁶ is die jong ramme daar vir jou klere,
en die bokramme
vir die prys van 'n saailand.
²⁷ Daar sal genoeg bokmelk wees
as kos vir jou, as kos vir jou huis
en as lewensonderhoud
vir jou diensmeisies.

28

¹ *'n Goddelose vlug sonder dat iemand
hom agtervolg,
maar regverdiges is vol vertrouwe,
soos 'n jong leeu.
² *Wanneer 'n land oortree,
is daar baie aanvoerders,
maar deur die toedoen van iemand
met insig en kennis
sal dit wat reg is, voortduur.^d

*28:1 Lev 26:17,36; 2 Kon 7:7; Neh 6:11; Job 15:20-21

*28:2 1 Kon 16:8-22; 2 Kon 15:8-15; Spr 28:12,28

^d28:2 sal ... voortduur: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

³ *'n Man wat arm is en armes uitbuit,
is soos reën wat verspoel —
dan is daar geen brood nie.

⁴ *Dié wat die wet verontagsaam,
prys 'n goddelose,
en dié wat die wet nakom,
staan hulle teen.

⁵ *Slegte mense verstaan nie wat reg is nie,
maar hulle wat die HERE soek,
verstaan alles.

⁶ *'n Arme wat onberispelik leef,
is beter as 'n vals persoon
wat op twee paaie loop
terwyl hy ryk is.

⁷ *Wie die wet onderhou,
is 'n seun met insig;
wie egter met roekeloses meng,
steek sy vader in die skande.

⁸ *Wie sy rykdom vermeerder

*28:3 Eks 9:25; Matt 18:28

*28:4 Neh 5:7-11; Ps 119:53; Rom 1:32; Ef 5:11

*28:5 Ps 92:7; Spr 14:6; Jes 44:18; Jer 4:22; Joh 12:39-40; 1 Kor 2:14-15; Jak 1:5

*28:6 Spr 16:8; 19:1; 28:18

*28:7 Deut 21:20; Spr 2:1-5; 23:19-21; 29:3

*28:8 Job 27:16-17; Spr 13:22; Pred 2:26; Jer 17:11; Eseg 18:8,13,17

deur rente en woekerrente^e —
hy maak dit net bymekaar vir iemand
wat hom oor armes ontferm.

⁹ *Wie sy oor wegdraai,
sodat hy nie na die wet
hoef te luister nie —
selfs sy gebed is afstootlik.

¹⁰ *Hy wat opregtes laat afdwaal
op 'n verkeerde pad,
sal self in sy vanggat val;
maar hulle wat onberispelik is,
sal die goeie in besit neem.

¹¹ *'n Ryk man is wys in sy eie oë,
maar 'n arme met insig sien deur hom.

¹² *Wanneer regverdiges jubel,
is die roem groot;
maar wanneer goddeloses oorneem,
kruip die mense weg.

¹³ *Wie sy oortredinge bedek,
sal nie sukses behaal nie;

^e**28:8 rente en woekerrente:** Daar is onsekerheid oor die verskil tussen “rente” en “woekerrente”. By “rente” (letterlik ‘afknyp’) het dit waarskynlik beteken dat, as 'n bedrag van 60 •sikkel geleen is, die lener byvoorbeeld slegs 40 sikkel ontvang het. By “woekerrente” (letterlik ‘vermeerdering’) het dit waarskynlik beteken dat, as 'n bedrag van 40 sikkel geleen is, die lener byvoorbeeld 60 sikkel sou moes terugbetaal.

***28:9** Ps 109:7; Spr 15:8,29; 21:17; Jes 1:13-15

***28:10** Ps 7:16; 57:7; Spr 2:21; 26:27; Matt 5:6; 6:33; 18:6

***28:11** Spr 18:11; 1 Kor 3:18-19

***28:12** Est 8:15-17; Spr 28:2,28; 29:2

***28:13** Ps 32:3-5; Sir 4:26; 20:2-3; Jak 5:16; 1 Joh 1:9-10

maar hy wat dit bely en dit laat vaar,
ervaar ontferming.

¹⁴ *Hoe gelukkig is 'n mens
wat voortdurend
ontsag koester vir God!

Maar wie sy hart verhard,
stort in die ellende.

¹⁵ *'n Leeu wat grom,
en 'n beer wat aangestorm kom,
so is 'n goddelose wat heers
oor 'n arm volk.

¹⁶ 'n Leier wat 'n groot uitbouter is,
het 'n gebrek aan insig;
hulle wat egter 'n weersin het
in onregverdige wins, sal lank bly leef.

¹⁷ *'n Mens belas met die bloed
van 'n ander,
sal moet vlug, tot die graf toe^f —
mense mag hom nie ondersteun nie.

¹⁸ *Wie onberispelik leef, ontvang hulp;
maar wie twee krom paaie volg,
sal op een tot 'n val kom.

¹⁹ *Wie sy grond bewerk,

*28:14 2 Kron 19:7; Pred 8:12; Jes 66:2; Rom 2:5

*28:15-16 Eks 1:14; Spr 19:12; 29:2,14; Matt 2:16; 1 Pet 5:8

*28:17 Gen 9:6; Eks 21:14; Num 35:31

^f28:17 sal ... toe: Letterlik 'tot die put sal hy vlug'.

*28:18 Spr 10:9; 28:6; Jer 39:18

*28:19 Spr 12:11; 20:13

sal hom versadig eet aan brood;
maar wie nietighede najaag,
sal hom versadig eet aan armoede.

²⁰ *'n Betroubare man
ervaar baie seëninge;
maar wie vinnig ryk wil word,
sal nie ongestraf bly nie.

²¹ *Om partydig te wees, is nie goed nie;
vir 'n stukkie brood kan 'n man oortree.^g

²² *'n Gierigaard is oorywerig
om ryk te word,
en hy weet nie
dat gebrek vir hom voorlê nie.

²³ *Wie 'n mens teregwys,
ervaar daarna^h goedgesindheid,
meer as hy wat vlei met die tong.

²⁴ *Wie sy vader en moeder beroof en sê,
“Dit is geen oortreding nie”,
is die bondgenoot van 'n verwoester.

²⁵ *'n Gulsigeⁱ persoon

***28:20** Spr 10:6; 20:21; Sir 11:10-11; Matt 25:21; 1 Tim 6:9

***28:21** Lev 19:15; Spr 18:5; 24:23; Eseg 13:19; Sir 27:2; 42:1

^g**28:21 vir ... oortree:** Dit beteken dat iemand maklik omgekoop kan word. Word ook anders vertaal.

***28:22** Sir 28:20

***28:23** Ps 141:5; Spr 27:5-6; 29:5; 1 Thess 2:5

^h**28:23 daarna:** 'n Hebreuse ms word hier gevolg. Die bronteks lui “ná my”.

***28:24** Eks 21:17; Spr 19:26; Matt 15:4-6

***28:25** Ps 37:3-5; Spr 3:5-6; 15:18; Jer 17:7-8; 1 Tim 6:6

ⁱ**28:25 Gulsige:** Letterlik “wyd van keel”.

sit 'n stryery aan die gang;
maar wie op die HERE vertrou, gedy.

²⁶ *Wie op sy eie hart vertrou,
hy is 'n dwaas;
maar wie met wysheid leef,
hy kom vry.

²⁷ *Wie aan 'n arme gee,
ly geen gebrek nie;
maar wie sy oë sluit,
word baie vervloek.

²⁸ *Wanneer goddeloses oorneem,
soek mense skuiling;
maar wanneer goddeloses omkom,
word die regverdiges meer.

29

¹ *Iemand wat ná tereg wysings
hardnekkig bly,
sal onverwags verpletter word,
sonder kans op herstel.

² *Wanneer regverdiges meer word,
is die volk verheug;
maar wanneer goddeloses heers,
sug 'n volk.

*28:26 Spr 3:5-7; Jer 17:9; 1 Kor 3:18

*28:27 Deut 15:7-10; Ps 41:2-3; Spr 19:17; 22:16; Matt 10:42; 25:40; 2 Kor 9:6-8

*28:28 Job 24:4; Spr 28:2,12

*29:1 Ps 37:38; Spr 1:24-31; 13:18; Jer 19:15

*29:2 Est 8:15; Spr 11:10; 28:12,28; Pred 4:1

³* Iemand wat wysheid liefhet,
verheug sy vader;
maar wie met prostitute deurmekaar raak,
vernietig rykdom.

⁴* 'n Koning hou deur die reg
'n land in stand;
maar hy wat heffings oplê,^j
breek dit af.

⁵* 'n Man wat sy medemens vlei,
sprei 'n vangnet uit vir sy eie voete.

⁶* In die oortreding van 'n bose mens
lê daar 'n valstrik,
maar 'n regverdige juig en is bly.

⁷* 'n Regverdige is bedag
op die regte van armes;
'n goddelose verstaan nie sulke kennis nie.

⁸* Spotters blaas oproer aan in 'n stad,
maar wyses bring toorn tot bedaring.

⁹* As 'n wyse mens betrokke raak
in 'n hofsaak met 'n sot,
is die sot senuweeagtig
en giggel sonder ophou.

*29:3 Spr 5:8-10; 10:1; 23:24-25; Sir 9:6; Luk 15:13

*29:4 1 Kon 12:13-14; 2 Kron 9:8; Spr 29:14

^j29:4 hy ... oplê: Letterlik 'die man van bydraes'.

*29:5 Ps 5:10; Spr 26:28

*29:6 Eks 5:1,21; Job 18:8-10; Spr 10:28; Pred 9:12

*29:7 Job 29:16; Ps 41:2; Spr 31:8-9; Jes 1:17

*29:8 Spr 11:11; 15:1; Sir 28:14; Hand 17:5-9

*29:9 Spr 26:4

¹⁰ *Mense wat bloed vergiet,
 haat 'n onberispelike mens;
 maar opregtes,
 hulle is begaan oor sy lewe.^k

¹¹ *'n Dwaas gee vrye teuels
 aan al sy gevoelens,
 maar 'n wyse
 bedwing sy gevoelens uiteindelik.

¹² *'n Heerser wat luister na leuentaal —
 almal wat in sy diens is, is goddeloos.

¹³ *Die arme en onderdrukker
 het dít gemeen:
 Die HERE gee lig aan albei se oë.^l

¹⁴ *'n Koning wat armes billik oordeel —
 sy troon sal vir altyd standhou.

¹⁵ *'n Lat en teregwysing gee wysheid;
 maar 'n jong seun
 aan homself oorgelaat,
 steek sy moeder in die skande.

¹⁶ *Wanneer goddeloses meer word,

*29:10 Gen 4:5-8; Spr 29:27; 1 Joh 3:12

^k29:10 **opregtes ... lewe:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die
 •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*29:11 Spr 12:16,23; 25:28; Sir 21:26

*29:12 1 Kon 22:8,21-23; Job 34:30; Sir 10:2

*29:13 Spr 22:2; Matt 5:45

^l29:13 **gee ... oë:** Dit is die Hebreeuse idioom vir “gee lewe”.

*29:14 Ps 72:1-4; Spr 16:12; Jes 11:4

*29:15 1 Kon 1:6; Spr 13:24; 17:25; Sir 22:6; 30:1

*29:16 Ps 37:34-36; 91:8

neem oortredings toe;
maar regverdiges sal hulle val beleef.

¹⁷ *Straf jou seun, dan sal hy jou rus gee;
hy sal aan jou lewe genot verskaf.

¹⁸ *Wanneer daar geen
profetiese visioen is nie,
raak 'n volk bandeloos;
maar wanneer hulle die wet nakom,
is hulle gelukkig.

¹⁹ *Deur woorde alleen
laat 'n slaaf hom nie bestraf nie;
al verstaan hy dit,
hy reageer nie daarop nie.

²⁰ *Het jy al iemand gesien
wat oorhaastig is met sy woorde?
Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom.

²¹ *Bederf iemand sy slaaf van jongs af,
sal hy later opstandig wees.

²² *'n Opvlieënde mens
sit 'n stryery aan die gang,
en 'n heethoof het baie oortredings.

²³ *Die verwaandheid van 'n mens

*29:17 Spr 13:24; 19:18; 29:15

*29:18 1 Sam 3:1; Ps 74:9; Luk 11:28; Jak 1:25

*29:19 Sir 33:25-30; Matt 18:17

*29:20 Lev 5:4; Rig 11:30-31; Spr 20:25; 26:12; Pred 5:2-3; Sir 9:18; Jak 1:19

*29:21 Spr 29:15,19

*29:22 Gen 49:7; Spr 15:18; 22:24-25; 26:21; Jak 1:20

*29:23 Spr 11:2; 15:33; 16:18; Matt 23:12; Hand 12:23; Jak 4:6,10

sal hom verneder;
maar hy wat nederig is, sal eer ontvang.

²⁴ *Wie met 'n dief buit deel,
haat sy eie lewe;
hy hoor die vervloeking,^m
maar maak tog niks bekend nie.

²⁵ *Die vrees vir mense
word 'n valstrik;
maar wie op die HERE vertrou,
word beskerm.

²⁶ *Baie mense soek guns by 'n heerser,
maar 'n mens se reg kom van die HERE.

²⁷ *'n Oneerlike mens is afstootlik
vir regverdiges;
maar wie opreg is in sy optrede,
is afstootlik vir 'n goddelose.

30

Uitsprake van Agur

¹ Die woorde van Agur, seun van Jake. Uitspraak van God.ⁿ

***29:24** Lev 5:1; Spr 1:11-19; 8:36

^m**29:24 vervloeking:** Iemand wat getuie was van 'n misdaad, is met 'n vervloeking onder eed geplaas om by die geregtelike ondersoek te getuig.

***29:25** Gen 12:12-13; Deut 1:17; Matt 10:28; Joh 12:42-43

***29:26** Spr 16:33; 19:6; 1 Kor 4:4-5

***29:27** Ps 6:9; Spr 29:10; Matt 10:29; Joh 15:18; 1 Joh 3:13

ⁿ**30:1 Uitspraak van God:** Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word as “uitspraak”, “Godswoord”, “profesie” of “aankondiging”. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

Dit is die uitspraak van die man:

Ek is moeg, o God,
ek is moeg, o God, en gedaan.^o

² *Want ek is dommer as enigiemand;
ek het nie die verstand van 'n mens nie.

³ Ek het nie wysheid geleer nie,
en kennis van die Heilige het ek nie.

⁴ *Wie het opgegaan na die hemel
en afgekom?

Wie het die wind bymekaargemaak
in die holte van sy twee hande?

Wie het die water
in 'n mantel saamgebind?

Wie het al die uithoeke van die aarde
vasgestel?

Wat is sy naam?

En wat is sy seun se naam,
as jy dit weet?

⁵ *Elke woord van God is gelouter;
'n skild is Hy vir hulle wat by Hom skuil.

⁶ *Moenie iets byvoeg by sy woorde nie,
anders verklaar Hy jou skuldig

^o**30:1 uitspraak ... gedaan:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Hier word 'n ander woordverdeling gevolg as dié in die bronteks wat lui “uitspraak van die man aan Itiël, aan Itiël en Ukal”.

***30:2-3** 1 Kon 3:7; Ps 73:22; Spr 9:10; 1 Kor 3:18

***30:4** Job 11:7-8; 38:1-35; Jes 40:12-15; Joh 3:13

***30:5** Ps 18:31; 84:12; 119:140

***30:6** Deut 4:2; 12:32; Op 22:18

en word jy as 'n leuenaar uitgekryt.

⁷ *Twee dinge vra ek van U —

moet dit nie van my terughou

voordat ek sterf nie:

⁸ Valsheid en leuentaal,

hou dit ver van my.

Moet my nie armoede of rykdom gee nie;

breek my porsie brood vir my af,

⁹ sodat ek nie oorversadig raak

en U misken en sê,

“Wie is die HERE?” nie,

of verarm en steel,

en die naam van my God

geweld aandoen nie.

Ander spreuke

¹⁰ *Moenie 'n slaaf

by sy baas beswadder nie,

anders vervloek hy jou

en moet jy boete doen.

¹¹ *Daar is 'n geslag

wat sy vader vervloek

en sy moeder nie seën nie,

¹² *'n geslag

***30:7-9** Eks 5:2; Deut 8:12-14; Ps 119:29; Hos 13:6; Sir 5:1-3; Matt 6:11; 1 Tim 6:6-10

***30:10** Pred 7:21

***30:11** Eks 21:17; Spr 20:20

***30:12** Spr 16:2; Jes 65:5; Matt 23:28; Luk 18:11

wat rein is in sy eie oë,
maar van sy ontlasting
nie skoon gewas is nie,
¹³ *'n geslag —
hoe hoogmoedig is sy oë
en aanmatigend sy wimpers!

¹⁴ * Daar is 'n geslag
waarvan die tande swaarde is,
en die kake messe om mee te verteer —
die magteloses van die aarde af,
en die behoeftiges onder die mense uit.

¹⁵ * Die bloedsuier het twee dogters:

Gee! Gee!

Daar is drie dinge

wat nie versadig raak nie,
vier wat nie sê “Genoeg!” nie:

¹⁶ die doderyk,^p

'n geslote moederskoot,
grond wat nie versadig raak

van water nie,

en vuur wat nie sê “Genoeg!” nie.

¹⁷ *'n Oog wat 'n vader bespot

* **30:13** Spr 6:16-17; 21:4; Jes 2:11

* **30:14** Ps 14:4; 57:5; Jes 10:2

* **30:15-16** Spr 6:16; 27:20; 30:18,21,29

^p**30:16 doderyk:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd was daar 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal.

* **30:17** Deut 28:26; Spr 30:11

en gehoorsaamheid
aan 'n moeder verag —
die kraaie in die dal sal dit uitpik,
en die arend se kuikens sal dit opvreet.

¹⁸ *Drie dinge is vir my te wonderlik,
ja, vier kan ek nie begryp nie:

¹⁹ die weg van die arend in die lug,
die weg van 'n slang oor 'n rots,
die weg van 'n skip op die oop see,
en die weg van 'n man by 'n jongmeisie.

²⁰ Só is die weg van 'n vrou

wat egbreuk pleeg:

Sy eet en vee haar mond af en sê:

“Ek het geen onreg gepleeg nie.”

²¹ *Onder drie dinge bewe die aarde,
ja, onder vier kan hy dit nie uithou nie:

²² onder 'n slaaf as hy koning word,
'n niksnuts as hy hom versadig eet
aan brood,

²³ onder 'n verstote vrou

as sy getroud is,^q

en 'n diensmeisie as sy haar eienares
verdring.

*30:18-20 Spr 7:1-20; Jer 2:23; Wys 5:10-12; Heb 13:4; 1 Joh 1:8

*30:21-23 Gen 16:4-6; 1 Sam 25:25; Pred 10:5-7; Spr 19:10; 26:8; Sir 22:4

^q30:23 verstote ... is: As 'n man met twee vroue getroud was, dan is die nie-geliefde vrou die “gehate” of “verstote” genoem; vgl Gen 29:31-33; Deut 21:15-17.

²⁴ *Vier is die kleines van die aarde,
maar hulle is buitengewoon slim:

²⁵ Die miere is 'n gemeenskap
wat nie sterk is nie,
en tog berei hulle vir hulle kos voor in die somer.

²⁶ Dassies is 'n gemeenskap
wat nie magtig is nie,
en tog maak hulle in die rotse
hulle blyplek.

²⁷ Sprinkane het geen koning nie,
en tog trek hulle almal in groepe uit.

²⁸ 'n Geitjie kan jy met die hande vang,
en tog is hy in koninklike paleise.

²⁹ *Daar is drie met 'n statige stap,
vier met 'n statige gang:

³⁰ 'n leeu, die held onder die diere
wat vir niks terugdeins nie,

³¹ 'n haan wat pronkerig stap,
of 'n bokram,
en 'n koning met sy leër^f by hom.

³² *As jy ydel was
deur jouself te verhef,

***30:24-28** Job 12:7; Ps 104:18; Spr 6:6-8; Joël 2:7-8

***30:29-31** 2 Sam 1:23; Job 39:22; Miga 5:8

^f**30:31 met sy leër:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

***30:32-33** Job 21:5; 42:2-4; Spr 6:16-17; 26:21; Pred 8:3

of as jy dit beplan het —
plaas jou hand voor jou mond!
³³ Want die karring van room
bring botter voort,
die gekarring aan 'n neus
bring bloed voort,
en die gekarring aan toorn
bring 'n regstryd voort.

31

Uitsprake van Lemuel

¹ *Die woorde van Lemuel, 'n koning.
'n Uitspraak van God^s waarmee sy moeder hom opgevoed het.
² *Moenie, my seun,
ja, moenie, seun van my skoot,
ja, moenie, seun van my geloftes,
³ *moenie aan vroue
jou lewenskrag bestee nie,
of jou paaie daarop rig
om konings uit te wis nie.
⁴ *Dit is vir konings
nie gepas nie, Lemuel,

*31:1 Spr 1:8

^s31:1 Uitspraak van God: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word as “uitspraak”, “Godswoord”, “profesie” of “aankondiging”. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit word ook vertaal as “(van) Massa”.

*31:2 1 Sam 1:11,27; Jes 49:15

*31:3 Deut 17:17; Neh 13:26; Spr 5:9

*31:4-5 1 Kon 20:12,16; Spr 20:1; Pred 10:17; Jes 5:22

dit is vir konings nie gepas
om wyn te drink nie,
vir hooggeplaastes om te wees
waar daar sterk drank is nie.

⁵ Anders drink hy, en vergeet
wat as voorskrifte neergelê is,
en skend hy die regte
van al die magteloses.

⁶ * Gee sterk drank aan die een
wat ten gronde gaan,
en wyn aan hulle
wat 'n bitter gemoed het.

⁷ Laat hy drink en sy armoede vergeet,
sy swaarkry nie meer onthou nie.

⁸ * Maak jou mond oop vir die stemlose,
vir die regspraak van almal wat wegwyn.

⁹ Maak jou mond oop,
oordeel regverdig,
en handhaaf die reg
van die magtelose en behoefte.

Loflied oor 'n knap vrou

⌘ *ALEF*

¹⁰ t**¹ n Knap vrou, wie sal haar vind?

* **31:6-7** Ps 104:15; Spr 23:25; Sir 31:27-28; Mark 15:23

* **31:8-9** Lev 19:15; Ps 72:2,4; Spr 22:22-23; Jes 1:17

^t**31:10-31** Hierdie deel vorm 'n akrostiese gedig waarin elke vers in Hebreeus met die daaropvolgende letter van die alfabet begin.

* **31:10-31** Sir 26:1-4,13-18

* **31:10** Spr 12:4; 18:22

Ver bo korale is haar waarde.

ז *BET*

¹¹ Die hart van haar man vertrou op haar,
en aan besittings
sal dit hom nie ontbreek nie.

ג *GIMEL*

¹² Sy doen goed aan hom
en nie kwaad nie,
al die dae van haar lewe.

ד *DALET*

¹³ Sy soek wol en linne uit,
en werk met ywerige hande.

ה *HE*

¹⁴ *Sy is soos die skepe van 'n handelaar,
van ver af bring sy haar brood in.

ו *WAW*

¹⁵ *Sy staan op terwyl dit nog nag is;
sy voorsien voedsel vir haar huisgesin,
en porsies vir haar diensmeisies.

ז *ZAJIN*

¹⁶ *Sy dink na oor 'n stuk grond
en koop dit;
met die verdienste van haar hande
plant sy 'n wingerd.

*31:14 Vgl 1 Kon 10:22

*31:15 Spr 14:1; 27:27; Luk 12:42

*31:16 Matt 21:33

ן *GET*

¹⁷ *Daadkragtig omgord sy haar heupe;
sy steek haar hande uit haar moue.^u

ו *TET*

¹⁸ *Sy merk dat sy goeie wins maak;
snags gaan haar lamp nie dood nie.

י *JOD*

¹⁹ *Sy steek haar hande uit na die spinstok,
en haar handpalms hou die spoel vas.

כ *KAF*

²⁰ *Haar handpalms strek sy uit
na magteloses;
haar hande steek sy uit
na behoeftiges.

ל *LAMED*

²¹ *Sy is nie bekommerd oor haar huisgesin
wanneer dit sneeu nie,
want haar hele gesin is geklee
in karmosynrooi weefstof.

מ *MEM*

²² Sy maak vir haar dekens;
haar klere is van linne en purperrooi wol.

*31:17 Luk 12:35

^u31:17 sy steek ... moue: Letterlik 'sy maak haar voorarms sterk'.

*31:18 Matt 25:8

*31:19 Eks 35:25-26; Spr 31:13

*31:20 Deut 15:11; Ps 41:2; Spr 19:17; 22:9; Rom 12:13

*31:21-22 Spr 31:13

י *NUN*

²³ *Haar man is bekend in die stadspoorte
wanneer hy saam met die oudstes^v
van die land sit.

ו *SAMEK*

²⁴ *Sy maak klere van linne^w
en verkoop dit;
gordels lewer sy aan die handelaars.

ז *AJIN*

²⁵ *Krag en luister is haar kleet;
sy lag onbesorg oor die toekoms.

ח *PE*

²⁶ *Haar mond maak sy oop met wysheid,
en liefdevolle onderrig is op haar tong.

ט *TSADE*

²⁷ *Sy hou haar oog op die werk
in haar huis;
brood van luiheid eet sy nie.

ך *KOF*

²⁸ Haar kinders tree na vore
en noem haar gelukkig;

***31:23** Rut 4:1-2; Spr 12:4; 31:31

^v**31:23 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***31:24** Hand 9:39

^w**31:24 klere van linne:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

***31:25** Spr 31:21; 1 Tim 2:9-10

***31:26** Spr 10:31; 19:14; 25:11; Ef 4:29; Tit 2:3

***31:27** Spr 14:1; 31:15; 1 Tim 5:14

haar man, hy besing haar lof.

7 *RESJ*

²⁹ *Baie vroue het hulle knap gedra,
maar jy, jy oortref hulle almal.

8 *SJIN*

³⁰ *Sjarmerie is bedrieglik
en skoonheid is nietig;
'n vrou wat vir die HERE ontsag het,
sy moet geprys word.

9 *TAW*

³¹ *Gee aan haar 'n deel
van die vrug van haar hande;
mag hulle haar in die stadspoorte
vir haar daad geprys!

*31:29 Rut 3:11; Spr 31:10; Hoogl 6:8-9

*31:30 Spr 11:22; 1 Pet 3:3-4

*31:31 Spr 1:20-21; 11:16; 31:23